# 'N FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIESE BEGRONDING VAN GESINSVOORLIGTING OP SKOOL EN DIE BETEKENIS DAARVAN VIR ONDERWYSERSOPLEIDING

deur

r290

EUGéNE LAäS

B.A., HONS., BEd., H.O.D., V.D.O.

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

**MAGISTER IN OPVOEDKUNDE**

IN DIE

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

LEIER : Dr T Möller

MEDE-LEIER : Dr L van Rooyen

OKTOBER 1992

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

# DANKBETUIGINGS

Graag wil ek my innige dank en opregte waardering uitspreek teenoor :

Dr T. Möller wat met baie geduld en opoffering waardevolle hulp verleen het.

My vrou Marita ons kinders Eulise en Henri vir hulle morele ondersteuning en opoffering.

Pierre Duminy se moeite met die drukwerk.

My Hemelse Vader vir onverdiende krag en genade.

"Loof die Here, want Hy is goed,
aan sy liefde is daar geen einde
nie !" (Ps 107:1).


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

# <u>INHOUDSOPGAWE</u>

## HOOFSTUK 1

**INLEIDING, AGTERGROND, BEGRIPSOMSKRYWING, VERTREKPUNT, PROBLEEMSTELLING, DOEL, NOODSAAKLIKHEID EN STRUKTUUR VAN DIE ONDERSOEK**


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.2 | AGTERGROND TEN AANSIEN VAN DIE PROBLEEM | 2 |
| 1.2.1 | Samelewingstendense | 2 |
| 1.2.1.1 | Verstedeliking | 3 |
| 1.2.1.2 | Die media | 5 |
| 1.2.1.3 | Die gesinslewe | 7 |
| 1.2.1.4 | Die problematiek van die adolessent | 9 |
| 1.2.1.5 | Buite-egtelike geslagsomgang | 11 |
| 1.2.1.6 | Seksuele wanpraktyke | 12 |
| 1.2.1.7 | Pornografie | 14 |
| 1.2.1.8 | Sensuur | 16 |
| 1.2.1.9 | Vigs | 16 |
| 1.2.10 | Samevatting | 17 |
| 1.3 | BEGRIPSOMSKRYWING | 18 |
| 1.3.1 | Gesinsvoorligting | 19 |
| 1.3.2 | Geslagsvoorligting | 20 |
| 1.3.3 | Geslagsopvoeding | 21 |
| 1.3.4 | Gesins- en geslagsopvoeding | 21 |
| 1.3.5 | Seksualiteit | 22 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 1.3.6 | Verantwoordelike geslagtelike gedrag | 22 |
| 1.3.7 | Onverantwoordelike geslagtelike gedrag | 23 |
| 1.3.8 | Lewensopvatting | 24 |
| 1.3.9 | Waardes en norme | 25 |
| 1.3.10 | Geesteswerbaarheid | 26 |
| 1.3.11 | Multikulturele Onderwys | 27 |
| 1.3.12 | Begronding | 28 |
| 1.4 | VERTREKPUNT | 29 |
| 1.4.1 | Die Christelike lewensopvatting | 30 |
| 1.5 | PROBLEEMSTELLING EN HIPOTESEFORMULERING | 32 |
| 1.6 | NOODSAAKLIKHEID VAN DIE ONDERSOEK | 33 |
| 1.7 | DOEL VAN ONDERSOEK | 34 |
| 1.8 | BEGRENSING VAN DIE ONDERSOEK | 34 |
| 1.9 | METODOLOGIESE VERANTWOORDING | 35 |
| 1.10 | VERDERE PROGRAM | 37 |
| 1.11 | STRUKTUUR VAN DIE ONDERSOEK | 38 |
| 1.12 | BRONNELYS | 39 |


**HOOFSTUK 2**

**'N VERKENNING VAN DIE GANGBARE PRAKTYK IN GESINSVOORLIGTING VIR DIE PRIMêRE SKOOL VAN DIE TOD**


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDING | 46 |
| 2.2 | GESINS- EN GESLAGSVOORLIGTING IN DIE PRIMêRE SKOOL | 46 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Bladsy

| | | |
|---|---|---|
| 2.2.1 | Inhoudgewing | 47 |
| 2.2.1.1 | Opvoedkundige Leiding temas wat met Gesinsvoorligting in verband gebring word | 48 |
| 2.2.1.2 | Gesinsvoorligtingprogram | 51 |
| 2.2.2 | Plek van aanbieding | 55 |
| 2.2.3 | Periodetoedeling | 55 |
| 2.2.4 | Didaktiese verantwoording | 56 |
| 2.2.4.1 | Didaktiese beginsels | 56 |
| 2.2.4.2 | Beplanning | 58 |
| 2.2.4.3 | Voorbereiding en aanbieding | 58 |
| 2.2.4.4 | Metodes | 59 |
| 2.2.5 | Personeeltoewysing | 60 |
| 2.2.6 | Doelstellings | 63 |
| 2.2.6.1 | Geïdentifiseerde behoeftes | 64 |
| 2.2.6.2 | Doelstellings met die Gesinsvoorligtingprogram | 65 |
| 2.2.6.3 | Uitgangspunt en benadering | 67 |
| 2.3 | GESINSVOORLIGTING EN ONDERWYSERSOPLEIDING | 68 |
| 2.3.1 | Indiensopleiding | 68 |
| 2.3.2 | Aanvangsopleiding | 71 |
| 2.3.3 | Doel met onderwysersopleiding | 73 |
| 2.4 | SAMEVATTING | 73 |
| 2.5 | BRONNELYS | 75 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Bladsy

## HOOFSTUK 3

**ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN GESINSVOORLIGTING OP SKOOL EN ARGUMENTE DAARTEEN, MET BESONDERE VERWYSING NA DIE VSA EN RSA**


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | INLEIDING | 77 |
| 3.2 | AGTERGROND VAN "SEKSOPVOEDING" IN DIE VSA | 78 |
| 3.3 | ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN GESINSVOORLIGTING OP SKOOL | 79 |
| 3.3.1 | Argumente as gronde vir gesinsvoorligting op skool | 90 |
| 3.4 | ARGUMENTE TEEN GESINSVOORLIGTING OP SKOOL | 91 |
| 3.4.1 | Argumente as gronde teen gesinsvoorligting op skool | 96 |
| 3.5 | DIE HUMANISME | 97 |
| 3.6 | GEVOLGTREKKING | 100 |
| 3.7 | BRONNELYS | 102 |


## HOOFSTUK 4

**'N FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIESE BEGRONDING VAN GESINS-VOORLIGTING OP SKOOL**


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | INLEIDING | 107 |
| 4.2 | HISTORIESE PERSPEKTIEF OP KINDBEELD | 107 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Bladsy


4.3 ANTROPOLOGIES - PEDAGOGIESE KINDBEELD 111

4.4 ESSENSIES VAN DIE TOD SE GESINSVOORLIGTING-PROGRAM IN DIE PRIMêRE SKOOL 115

4.5 'N SINTESE TUSSEN ESSENSIES VAN DIE TOD SE GESINSVOORLIGTINGPROGRAM EN DIE FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIESE BEDRYWIGHEIDSESSENSIES 120

4.6 GEVOLGTREKKING VIR DIE ONDERWYSPRAKTYK 124

4.6.1 Lewensopvatlike inspraak vir 'n onderwyspraktyk 125

4.6.2 Betekenis van 'n Fundamenteel-pedagogies begronde gesinsvoorligtingprogram vir die onderwyspraktyk 127

4.7 SAMEVATTING 135

4.8 BRONNELYS 136

**HOOFSTUK 5**

**BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VIR GESINS-VOORLIGTING EN ONDERWYSERSOPLEIDING VAN DIE TOD IN DIE PRIMêRE SKOOL**

5.1 INLEIDING 139

5.2 BEVINDINGE UIT HOOFSTUK 1 140

5.3 GEVOLGTREKKING UIT HOOFSTUK 1 142

5.4 BEVINDINGE UIT HOOFSTUK 2 142

5.5 GEVOLGTREKKING UIT HOOFSTUK 2 145

5.6 BEVINDINGE UIT HOOFSTUK 3 145


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 5.7 | GEVOLGTREKKING UIT HOOFSTUK 3 | 146 |
| 5.8 | BEVINDINGE UIT HOOFSTUK 4 | 147 |
| 5.9 | GEVOLGTREKKING UIT HOOFSTUK 4 | 148 |
| 5.10 | AANBEVELINGS | 149 |
| 5.10.1 | Gesins- en huweliksverrykend | 149 |
| 5.10.2 | Ouer en leerlingbehoeftes | 149 |
| 5.10.3 | Professionele steungewing | 151 |
| 5.10.4 | Onsluiting van feitlikhede | 152 |
| 5.10.5 | Aanvaarding van seksualiteit as deel van menswees | 153 |
| 5.10.6 | Verhoudingstigting | 154 |
| 5.10.7 | Uniekheid van menswees | 154 |
| 5.10.8 | Lewenskeuses | 154 |
| 5.10.9 | Verantwoordelike gedrag | 155 |
| 5.10.10 | Lewensopvatlik-gefundeerd | 155 |
| 5.11 | ONDERWYSERSOPLEIDING | 156 |
| 5.12 | ALGEMENE AANBEVELING | 157 |
| 5.13 | BRONNELYS | 158 |
| SAMEVATTING | | |
| SUMMARY | | |
| BIBLIOGRAFIE | | |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING, AGTERGROND, BEGRIPSOMSKRYWING, VERTREKPUNT, PROBLEEMSTELLING, DOEL, NOODSAAKLIKHEID EN STRUKTUUR VAN DIE ONDERSOEK

### 1.1 INLEIDING

Soos uit die opskrif van hierdie studie blyk, sal daar vanuit 'n Fundamenteel-pedagogiese perspektief gekyk word na die begronding van gesinsvoorligting op skool, asook wat die implikasies daarvan mag wees vir die opleiding van onderwysers in die RSA.

Die vraag kan nou gevra word hoekom die begrondingsvraagstuk ten aansien van gesinsvoorligting juis op hierdie tydstip aan die orde kom. Om 'n antwoord op hierdie vraag te kry sal daar eerstens gekyk moet word na die agtergrond ten aansien van die probleem. Hiervolgens sal enkele begrippe wat ten nouste saamhang met die ondersoek van naderby bekyk word sodat misverstand of dubbelsinnigheid in die navorsing tot 'n minimum beperk kan word. Daarna sal gekyk word na 'n lewensopvatlike vertrekpunt wat kan dien as basis vir 'n pedagogies gefundeerde gesinsvoorligtingsprogram.

Na die agtergrond ten aansien van die probleem geskets is



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

en ook gekyk is na die juiste betekenis van enkele prominente begrippe sal die probleem wat ondersoek word duidelik aan die lig kom.

## 1.2 AGTERGROND TEN AANSIEN VAN DIE PROBLEEM

Die Transvaalse Onderwysdepartement (Omsendminute no 87 van 1988:2) stel dat verskillende faktore soos die negatiewe gevolge van egskeidings, die problematiek van swanger skooldogters en die versteurde verhoudinge tussen die twee geslagte, in afwykende gedrag gemanifesteer word wat inbreuk maak op die vermoë van leerlinge om ten volle by die opvoeding en onderrig in die skool baat te vind. In hierdie lig gesien en aan die hand van bepaalde geïdentifiseerde behoeftes is 'n gesinsvoorligtingsprogram op skool noodsaaklik.

Om gesinsvoorligting op skool te beskryf is dit nodig om enkele samelewingstendense rakende geslagtelikheid, wat in afwykende gedrag manifesteer te ondersoek. Die volgende tendense het bygedra tot die implimentering van 'n gesinsvoorligtingprogram op skool.

### 1.2.1 Samelewingstendense

Die afgelope vier dekades het daar in die Westerse wêreld,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

asook in Suid - Afrika, 'n nuwe moraal rakende seksualiteit ontwikkel, wat deur baie navorsers as die seksuele rewolusie beskryf word. So verwys Botha (1982:194) daarna : " Die veranderde lewensbeskouing het gelei tot 'n veranderde lewenshouding en patroon, sodat 'n seksuele rewolusie nou in swang is".

Roos (1981:1) praat van 'n wêreldrewolusie wat op geestelike gebied aan die gang is en dat baie slagoffers so gesaboteer is dat hulle in verwardheid voortstrompel na hulle eie ondergang. Die vraag kan gevra word : Wat het aanleiding gegee tot so 'n toestand van seksuele ontaarding ?

Vervolgens word enkele tendense kortliks bespreek om die hedendaagse problematiek rondom seksualiteit wat ook in die skool na vore kom aan te toon.

1.2.1.1 Verstedeliking

Na die Eerste en Tweede wêreldoorloë het stede geweldig gegroei wat 'n opeenhoping van mense meegebring het. Die Presidentsraadverslag (1987:27) toon dat daar in Suid - Afrika sedert die dertigerjare onder die blankes 'n geweldige toename in verstedeliking was. In 1985 woon daar reeds 89,6% van die blanke bevolking in stede.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Die verstedeliking het vir die individu allerlei probleme meegebring. Die rustige bestaansekonomie moes plek maak vir 'n gejaagde en uithuisige lewenspatroon. As gevolg van industrialisasie en verstedeliking het tradisionele strukture vir die stadsmens vreemd geword. Hy word al hoe meer losgemaak van die ankers gewortel in 'n patriargaal-plattelandse lewenswyse wat hoofsaaklik Christelik-protestants georiënteerd was. Hierdie ankers was veral die gesin, die skool en die kerk.

Engelbrecht (1986:99) beweer dat die industrialisasie en verstedeliking die mens meer mobiel en anoniem gemaak het. In die massa het die individu hom losgemaak van tradisionele norme. Nuwe verskynsel soos die massamedia wat 'n belangrike rol speel in die vorming van die openbare mening beinvloed die individu in sy keuses en gedrag. " It should be obvious that the mass media have enormous influence" (Mc Dowell, 1987:26).

Die anonieme individu ervaar druk van die samelewing, ook ten opsigte van sy eie seksuele opvattings en gedrag. In 'n humanisties georiënteerde wêreld bepaal die mens nou sy eie norme. Dit laat onsekerheid by die individu van wat reg en verkeerd is. Die gevolg van so 'n lewenshouding is dat die sin van bestaan nie altyd duidelik is nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

In die groot stad het die mens vervreem en vereensaam wat veroorsaak dat die individu dikwels intimiteit en liefde ontbeer. In die soektog na liefde raak die stadsmens maklik betrokke by ongewenste vriendskappe en geslagsomgang.

Die opeenhoping van mense het volgens Van Rensburg (1985: 55) die geleenthede vir seksuele kontak vermeerder. In veral die groot stede kom onverantwoordelike geslagtelike gedrag op groot skaal voor wat vir die mens baie nuwe probleme meegebring het, in besonder dan ook geslagsiektes. Verskynsels soos geselskapklubs en prostitusie kom al hoe meer openlik voor wat losbandigheid aanmoedig. In Rapport van 15 September 1991 word in 'n artikel beweer dat in die hart van Johannesburg se rooiligbuurt, gesellinklubs skouer aan skouer staan.

### 1.2.1.2 Die media

Die Presidentsraadverslag (1987:33) bevind dat die media 'n kragtige invloed op die denke en optrede van veral die jeug het.

"Die mens en veral die jeug word gekondisioneer om dit wat hy lees, hoor en sien, mettertyd as die normale te aanvaar" (Presidentsraad verslag, 1987:33). So kan abnormale gedrag wat herhaaldelik aangebied word later as normaal beskou



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

word. Hieruit is dit duidelik dat die media die sedelike waardes van 'n gemeenskap kan bevorder of aantas.

De Witt (1983:51) is van mening dat dit die kind se gesonde persoonlikheidsontwikkeling is wat toenemend aan sterk negatiewe beinvloeding onderwerp word. Hy sê die beleidmakers in die advertensiewese toon 'n volslae minagting van etiese norme en beskaafdheidstandaarde. Wanneer die publiek eers gewoond geraak het aan oppervlakkige, gewelddadige, sensasionele, seksbehepte en vulgêre programme, die stryd om opgradering 'n moeisame en dikwels onbegonne taak is.

Deur media soos die televisie, video's, rolprente, advertensies, boeke en tydskrifte het geslagsgemeenskap 'n openbare aangeleentheid geword. Terwyl dit bedoel is om 'n privaat aangeleentheid te wees tussen twee mense binne die kader van die huwelik.

"It's been said that a child today faces more sexual signals and temptations on the way to school that his grandfather did on Saterday night when he went out looking for them" (Mc Dowell 1987:17).

Geslagsgemeenskap word as te ware uitgestal in die vertoonvensters van die wêreld. Van Rensburg (1985:55) sê die mens



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

se geslagsgevoel word om elke hoek en draai aangespreek en geprikkel sodat dit eintlik onmoontlik word om sy gewekte behoeftes op 'n natuurlike wyse te bevredig. Die moderne mens is onderworpe aan so 'n massale geslagsprikkeling dat die mens met sy seksualiteit oorhoops geraak het.

Die boodskap van die massamedia oor geslagsgemeenskap stem ooreen met die woorde : "Do it as often as you like and with as many different people as you like, there are no negative consequences to premarital sex, and once you marry, you can still sleep around - after all, almost everbody else is doing it !" (Mc Dowell, 1987:27).

1.2.1.3 Die gesinslewe

"Gesonde gesinne is noodsaaklike boustene vir 'n gesonde gemeenskap. Die gehalte van die gesinslewe in 'n gemeenskap bepaal dan ook in groot mate die kwaliteit en funksionering van die gemeenskap" (Presidentsraad verslag, 1987:58). Dit is duidelik dat 'n kerngesonde gesin 'n voorvereiste vir die opbou en versterking van 'n gemeenskap of 'n volk is.

Vanuit die gesigspunt van die Fundamentele Pedagogiek is die ouers die primêre opvoeders van die kind. Die ouers is verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders volgens die lewensopvatting wat hulle aanspreek en deur die skool



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

eerbiedig moet word. Die ouer skep in die gesin vir die kind 'n veilige ruimte waarbinne die kind sekuriteit vind. Vanaf hierdie veilige ruimte help die ouers hul kind om die wêreld te ontdek en verhoudings te stig.

Van Rooyen (1987:2-3) wys daarop dat die ouer as die primêre opvoeder verantwoordelik is vir die totale opvoeding van die kind. Hierin speel die totaliteitsgedagte 'n groot rol, die kind moet nie net gesien word as intellektuele en liggaamlike wese nie maar ook as emosionele, seksuele, sosiale en geestelike wese. Die ouer is ook primêr verantwoordelik vir geslagsopvoeding.

Die hedendaagse gesin gaan gebuk onder enorme ekonomiese druk wat beide die ouers dikwels verplig om buite die huis te werk. Die besige ouers het min tyd om saam met hulle ander gesinsgenote deur te bring. Van Rooyen (1985:29) wys daarop dat die besige vader en afwesige moeder 'n wegdrywing tussen ouers en kinders veroorsaak. Die kommunikasiegaping en gebrekkige ouerlike toesig maak die kind 'n prooi van die geestelike aanslag.

In die televisieprogram, "Netwerk" op 17 Maart 1989, beweer Steyn prestasiedruk veroorsaak dat die gesinslede nie tyd het om bymekaar uit te kom nie. Afgesien van afwesige ouers speel gesinsverbrokkeling 'n al groter rol om die jeugdige



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

verder te verwar en onseker te laat. Konflik en egskeiding in die huwelik bedreig die kind se veilige ruimte vanwaar hy die wêreld moet binnetree.

Volgens die Sentrale Statistiekdiens van die RSA se verslag Capita Selecta (1988:8) was daar vanaf 1983 tot 1987 in 'n periode van vyf jaar 87 923 blanke huwelike wat op 'n egskeiding uitgeloop het. By hierdie egskeidings was 108 696 minderjarige kinders betrokke. Kinders keer terug na leë huise waar liefde en intimiteit ontbeer word. Kinders soek onder sulke omstandighede interaksie met oppervlakkige plaasvervangers soos maats, televisie, video's, flieks en tydskrifte wat die kind se soeke na intimiteit nie bevredig nie.

"Most young people who get involved in premarital sex aren't really looking for sex per se. They want intimacy - communication, dialogue, to know and be understood" (Mc Dowell 1987:58).

1.2.1.4 Die problematiek van die adolessent

Lamprecht (1985:30) wys daarop dat die adolessent se skielike liggaamlike groei, die aktivering van die sekshormonale sisteem en die gepaardgaande ontwaking van seksuele gevoelens hom noodsaak om 'n verandering ten



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

opsigte van sy selfbeeld te maak. Adolessensie word beskou as die tydperk van die lewe waarin wegbeweeg word van die kinderjare en in beweeg word na die volwasse jare.

Die adolessent is nie meer kind nie, tog ook nie volwasse nie. Hierdie soeke na identiteit is vir die adolessent van wesenlike belang. Die soeke na identiteit bring nie net groot onsekerheid en angs nie maar ook nuuskierigheid en opwinding. Die adolessente tydperk is een waarin die kind se intensiteit van sy gevoelsbelewinge verhoog. Hy kry nou ook 'n groter verstandelike greep op die werklikheid en is baie gevoelig vir kritiek.

Mc Dowell (1987:18) beweer dat puberteit 'n eeu gelede op die gemiddelde ouderdom van sestienjaar ingetree het. Vandag is dit nader aan twaalfjaar. Hierdie verskynsel maak adolessensie meer gekompliseerd want biologiese veranderinge tree vroëer in, terwyl die kind emosioneel nog nie volwasse is nie. Die hedendaagse jongmens moet in 'n snel veranderende politieke en ekonomiese wêreld deeglike opleiding ontvang. Om ekonomies selfstandig te wees moet die ouderdomsgrens van 'n moontlike huwelik uitgestel word. Hierdie lang wagtydperk gepaardgaande met veranderende waardes plaas geweldige druk op jongmense om voorhuwelikse gemeenskap te beoefen.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

#### 1.2.1.5 Buite - egtelike geslagsomgang

In 'n ondersoek deur Engelbrecht (1986:202) is bevind dat voorhuwelikse geslagsomgang onder Afrikaanssprekende jongmense sedert 1975 drasties toegeneem het. Uit die ondersoek wat onder ongetroude Afrikaanssprekende jongmense in Sunnyside Pretoria gedoen is, blyk dit dat hoewel heelwat (40,3%) van die respondente hulle as konserwatief beskou, meer as die helfte wel voorhuwelikse geslagsomgang beoefen. Van die respondente wat seksueel aktief is, het 60% aktief geraak voor die ouderdom van twintig jaar. Daar is ook bevind dat ongeveer al die respondente wat 'n vaste verhouding het of verloof is, geslagsomgang beoefen. Ook Louw (Onderhoud, 1989) vind by feitlik al die skole waar sy gesinsvoorligting aanbied, dat groot getalle leerlinge betrokke is by seksuele aktiwiteite.

Engelbrecht (1986:188) kom tot die gevolgtrekking dat kuisheid en maagdelikheid nie meer die algemene norm by die Afrikaanssprekende jongmens is nie. Volgens die Sentrale Statistiekdiens van die RSA se verslag no 03-05-01 (1986) was daar gedurende 1986 in Suid-Afrika 'n getal van 2482 blanke moeders van sewentienjaar en jonger wat geboorte geskenk het. Hiervan was 164 moeders vyftienjaar en jonger. In dieselfde jaar was daar 1375 blanke tienerdogters van sewentien jaar en jonger wat in die huwelik getree het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Hiervan was 83 dogters onder sestien jaar. Van Reenen (Transvaler van 26 Maart 1991:4) beweer dat daar gedurende 1990, 250 000 tieners in Suid-Afrika swanger geraak het.

1.2.1.6 Seksuele wanpraktyke

Daar is die afgelope tyd gereeld koerantopskrifte wat soos volg lui :

"Nog 'n meisie vertel van hel" (Smit, Transvaler 17 Januarie 1990:1).
"Vele gesigte van die pedofiele" (Smit, Transvaler 19 Januarie 1990:1).
"Vuil foto's en pille - pornografiese foto's van die kindermolesteerder Gert van Rooyen -" (Transvalerspan, Transvaler 17 Januarie 1990:1).
"Vyf voor oor lollery met kinders" (Potgieter, Transvaler 26 Maart 1991:5).
"'n Skok oor kinders, verkragtings 500 meer as verlede jaar" (De Kok, Transvaler 21 September 1992:9).

Uit gereelde koerantberigte is dit duidelik dat kinder-kindermolestering van 'n seksuele aard gereeld voorkom. Volgens die Sentrale Statistiekdiens van die RSA se verslag no 00-11-01 (1986/87:16) was daar gedurende 01 Julie 1986 tot 30 Junie 1987 'n getal van 11633 veroordelings en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

vonnisse opgelê in Suid-Afrikaanse howe oor onwelvoeglike geslagtelike gedrag. Hiervan was 2833 veroordeeldes onder die ouderdom van een en twintig jaar. Die onwelvoeglike gedrag het sake ingesluit soos prostitusie, sodomie, bestialiteit en bloedskande.

Volgens Pickover (Rapport-tydskrif van 05 Maart 1989) beraam die Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en Rehabilitasie van Oortreders (Nimro) dat 300 000 vroue jaarliks in Suid-Afrika verkrag word. Dit sou beteken 'n verkragting elke drie minute.

Fourie (Onderhoud, 1989) het 'n aantal seksuele wanpraktyke wat by leerlinge in die primêre skool voorkom blootgelê. Die praktyke het volgens hom veral sedert die koms van televisie toegeneem. Van die wanpraktyke wat voorgekom het was :

- Masturbasie in die klaskamer.
- Pogings tot homoseksuele geslagsomgang het in die kleedkamers voorgekom.
- Grafitti wat die geslagsorgane en die geslagsdaad uitbeeld.
- Leerlinge wat kyk na pornografiese video's by die huis.
- Kindermolestering deur ouers en grootouers.
- Seuns en dogters wat saam kaal geswem het en daarna probeer het om geslagsomgang te beoefen.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

- Stories met geslagsomgang as onderwerp kom dikwels by leerlinge voor.

Bogenoemde bevindinge dui daarop dat seksuele wanpraktyke op groot skaal voorkom, selfs vanaf jong ouderdomme.

1.2.1.7 Pornografie

Die koerantopskrif "Omstrede jeug-seks nou 'n film" (Hough, Rapport 19 Mei 1991) weerspieël die mate waarin seksuele wanpraktyke in films voorkom. Dit is bekend vir enige fliekganger dat ongewenste seksuele tonele veelvuldig voorkom en dat jeugdiges daaraan bloot gestel word.

Botha (1982:151) vermeld dat die doel van pornografie is om seksuele hartstog op te wek en te stimuleer. Die gevaar daarvan is dat dit die neiging het om die behoeftes aan die ongewenste met eskalerende intensiteit op te wek wat lei tot allerlei obsessies en perversiteite.

Pornografie kan kortliks beskryf word as literatuur, voorwerpe of media wat bedoel is om seksueel te prikkel. Omdat Suid-Afrika 'n breë Christelike gemeenskap het, kan daar maklik die afleiding gemaak word dat die RSA nie so ver sal vorder met geestelike verval soos in die ander Westerse lande nie. Buitendien is daar in Suid-Afrika



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

"streng" sensuur wat onwelvoeglikhede en pornografie verbied.

Van Rensburg (1985:116) is van mening dat al die negatiewe verskynsels reeds in Suid-Afrika teenwoordig is om aan 'n saak soos pornografie 'n deurswaai dinamiek te gee. Van die negatiewe verskynsels is :

- Die sterk godsdienstige inslag van die openbare mening het heelwat van sy krag verloor. Die kerk het baie van sy tradisionele aansien verloor.
- 'n Deel van die behoudende publiek is selfs nie eens meer daarvan oortuig dat 'n georganiseerde stryd teen "vuil" lektuur die regte metode is nie.
- Vir die bevrediging van seksuele nuuskierigheid kan self Afrikaanse bronne heelwat bevredig.
- Om kinders "soet" te hou, word toegewings deur ouers gemaak, soos ongekontroleerde toegang tot televisie programme en videokasette met ouderdomsbeperkinge.
- 'n Opvallend hoë syfer van seksuele vergrype kom voor.
- Gesinsverbrokkeling is van die hoogste ter wêreld.
- Dwelmgebruik is besig om beduidende afmetings aan te neem.
- Geweld het 'n besondere bestaan in Suid-Afrika.
- Die sterk koloniale mentaliteit by Suid-Afrikaners dat alles wat van oorsee afkom met stomme bewondering gade



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

geslaan word.

Dit is duidelik dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap en die jeug al hoe meer met pornografie te doen kry.

1.2.1.8 Sensuur

Wat sensuur aanbetref maak Van Rensburg (1985:111) die afleiding dat die Publikasieraad self nie meer gesien kan word as 'n beskermer van Christelike waardes nie.

Die oorkoepelende klousule van die Publikasiewet artikel 1 wat lui :"Die strewe van die RSA om 'n Christekike lewens-beskouing te handhaaf, word by die toepassing van hierdie wet erken"- word deur die Publikasieraad prakties as 'n dooie letter hanteer. Die norm het geword die mens met sy eie sondige begeertes.

1.2.1.9 Vigs

Vigs is volgens Schutte (1992) die afkorting vir Verworwe - immuniteitsgebreksindroom. Die vigs-virus (MIV/HIV), in-fekteer die liggaam deur die bloedstroom binne te gaan. Dit val dan die immuunstelsel aan en breek dit geleidelik af totdat 'n mens 'n prooi word vir allerhande siektes.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Mc Alvany (1990:1) is van mening die wêreld word bedreig deur die grootste mediese krisis sedert die "Black Death", wat 'n paar honderd jaar gelede een derde van Europa se bevolking uitgewis het. Vigs gaan volgens hom binne 'n paar jaar epidemiese afmetings aanneem. Schutte (1992) beweer projeksies toon dat indien die huidige vigs tendens voortduur, kan 12 miljoen mense in Suid-Afrika die virus in die volgende agt jaar opdoen.

In TOD-omsendminute no 80 van 1988 word die Vigs probleem en die taak van die skool bekend gestel. Aangesien Vigs epidemiese afmetings kan aanneem word 'n beroep op die skool gedoen om voorkomend op te tree deur leerlinge oor die siekte in te lig en aan hulle Bybelse norme voor te hou.

### 1.2.10 SAMEVATTING

Uit die bespreking van tendense in die samelewing rondom die seksuele, kom die volgende aspekte navore :

- Leerlinge word op groot skaal aan allerlei seksuele praktyke blootgestel.
- Seksualiteit is lank nie meer vir kinders 'n verborge aangeleentheid nie.
- Kinders word tydig en ontydig met seksualiteit



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

gekonfronteer.

- Kinders word deur die media gebombardeer met die menslike seksualiteit sonder dat dit in 'n Christelike perspektief gestel word.
- Daar is geen aanduiding dat die uitbuiting van seksualiteit deur die openbare lewe, gestuit gaan word nie.
- Dit wil voorkom of jongmense van 'n al hoe jonger ouderdom met seks eksperimenteer.
- Die verstedelikte gesin verkeer in 'n krisis wat die kinderlike gemoed nie ongedeerd laat nie.
- In vele opsigte is dit 'n noodsituasie wat as sodanig gehanteer moet word.

Van Rooyen (1985:13) het bevind dat ouers nie voldoende met hul kinders praat oor geslagsaangeleenthede nie. Ouers besef nie altyd die nood waarin hulle kinders verkeer nie en weet ook nie hoe om dit te hanteer nie. Hierdie bevinding noodsaak begeleiding aan ouers en leerlinge oor geslagsaangeleenthede.

## 1.3 BEGRIPSOMSKRYWING

Om verwarring uit te skakel is dit nodig om enkele begrippe wat in die studie voorkom duideliker te omskryf.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

### 1.3.1 Gesinsvoorligting

TOD-Omsendminute no 87 (1988:1) beskryf gesinsvoorligting as 'n pleidooi vir 'n gelukkige gesinslewe, in harmonie met gemeenskap en Bybelse norme. In die lig gesien is dit dus by uitstek 'n normatiewe aangeleentheid.

Vir Van Rooyen (1987:43) is "Gesinsvoorligting" 'n breë omvattende begrip wat met die totale mens, maar veral met die fisiese, morele, etiese en religieuse aspekte van sy opvoeding te doen het. Gesinsvoorligting is vir haar primêr 'n opvoedingsaangeleentheid en sy omskryf dit dan ook soos volg :

"Gesinsvoorligting is by uitstek 'n opvoedingsaangeleentheid en daarom noodsaaklike volwassewordingshulp aan die hand waarvan die kind gelei en voorberei word om eendag as 'n volwaardige en verantwoordelike volwassene in 'n huwelik en gesin te kan funksioneer en sy deel te kan bydra tot diens van sy naaste en tot eer van God". (Van Rooyen 1987:43).

In die lig van wet 39 van 1967, wat bepaal dat onderwys 'n Christelik-nasionale karakter moet hê, kan en moet gesinsvoorligting in die RSA gesien word as opvoedende onderwys binne die raamwerk van 'n gesonde Christelike gesinslewe.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Dit is veral die Christelike karakter daarvan wat gesinsvoorligting in hierdie land onderskei van soortgelyke programme in die buiteland wat in baie gevalle nie aan die verwagtings voldoen het nie.

In ander lande word die begrip gesinsvoorligting aangedui met woorde soos : "Sex Education", "Sex hygiene", "Family life Education", "Social sex Education", "Personal and family life" en "Moral Education".

Die begrip wat meestal in literatuur voorkom is "Sex Education". Waar daar in die studie na "Sex Education" verwys word, word gesinsvoorligting bedoel met besondere verwysing na geslagsvoorligting. Om meer helderheid te kry oor die aangeleentheid sal enkele begrippe in die verband van naderby bekyk word en ook hoe dit in 'n Christelike konteks geïnterpreteer moet word.

### 1.3.2 Geslagsvoorligting

Volgens Van Rooyen is geslagsvoorligting net te onderskei, maar kan nooit geskei word van gesinsvoorligting nie. In die verband skryf sy :

" Geslagsvoorligting vorm 'n geïntegreerde deel van gesinsvoorligting en is so nou verweef daarmee dat dit nie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

daarvan geskei kan word nie. Alleen deur die onderskeie geslagte en geslagsrolle en hulle verantwoordelikhede, moontlikhede en beperkings te ken, kan die kind 'n volwaardige geslagsgenoot, ook binne die huwelik en gesin wees" (Van Rooyen, 1987:43).

Geslagsvoorligting is deel van die gesinsvoorligting-program wat inligting verskaf, met die klem op kennis van geslagsaangeleenthede. Daarom word die begrip "Sex Education" in die dieselfde lig gesien as gesinsvoorligting omdat geslagsvoorligting 'n integrale deel daarvan is.

### 1.3.3 Geslagsopvoeding

Geslagsopvoeding word gesien as : "Hulp met die stigting van 'n eie wêreld en 'n eie toekoms as man of as vrou aan die hand van norme en waardes" (De Klerk, 1983: 34).

Geslagsopvoeding is hulp om die kind op te voed rakende sy eie geslagtelikheid. Die kind moet toenemend verantwoordelikheid aanvaar vir sy geslagsrol as seun tot man en as dogter tot vrou. Die kind behoort dus opgevoed te word tot verantwoordelike geslagtelike gedrag.

### 1.3.4 Gesins- en geslagsopvoeding



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Volgens Weitsz (Onderhoud, 1991) is die begrip gesins- en geslagsopvoeding 'n beter omskrywing van die pogram.

Die begrip gesins- en geslagsopvoeding gee 'n duideliker omskrywing van die noue verband wat daar tussen gesins- en geslagsopvoeding bestaan.

### 1.3.5 Seksualiteit

Seksualiteit word vir die doel van die studie nie net in 'n enger sin as geslagtelike gemeenskap of die werking van die geslagsorgane gesien nie. Seksualiteit word eerder in 'n ruimer sin bedoel as :

- Die sin en belewing van geslagtelike verskille.
- Homo- en heteroseksuele interpersoonlike verhoudinge.
- Norme met betrekking tot seksuele gedrag.
- Die anatomie en fisiologie van die manlike en vroulike liggame.

### 1.3.6 Verantwoordelike geslagtelike gedrag

Wanneer daar in hierdie studie na verantwoordbare geslagtelike gedrag verwys word, dui dit op 'n gedrag wat beantwoord aan antropologies-pedagogies gefundeerde essensies sowel as gesintiseerde lewensopvattingessensies



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

soos tot vergestalting kom in die Woord van God vanuit 'n Christelik-Protestantse perspektief.

Geslagsgemeenskap as verantwoordelike gedrag is volgens genoemde perspektief 'n privaat aangeleentheid binne die huwelik. "In die gebeure van seksuele gemeenskap gee ek uiting aan gevoelens van trou en geluk, verbondenheid en verborgenheid en daardeur tree elkeen die ervaringshorison en dus die wêreld van die ander binne" (Heyns, 1986:157).

Geslagsgemeenskap is by die mens nie bedoel om 'n openbare aangeleentheid te wees nie. Daarom is pornografie 'n oorskryding van die behoorlikheidseis. Openbare geslagsgemeenskap verontmenslik die mens tot 'n dier wat slegs op lusbevrediging ingestel is, wat geslagsgemeenskap goedkoop maak.

"Die liefde is sku om bekyk en geanaliseer te word. Die liefde vlug vir die openbaar, omdat die publisiteit iets wat heilig is, sal ontwy" (Deits se verwerking van Frankl, 1980:35). Geslagsgemeenskap vra privaatheid, want die skaamte beskerm juis die oorspronklikheid en egtheid van geslagsgemeenskap binne die huwelik.

1.3.7 Onverantwoordelike geslagtelike gedrag



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Onverantwoordelike geslagtelike gedrag is in besonder daardie gedrag wat die syn van die mens verduister. As geroepene vanuit sy menswees tot vryheid as wyse van verantwoordelikheidsbeoefening mag die mens hom nie los maak van sy verpligtinge nie. Enige daad wat die geslagsgemeenskap binne die huwelik oneer aandoen kan dus vanuit eties-morele gronde veroordeel word. Dit sluit dade soos buite-egtelike geslagsgemeenskap, prostitusie, verkragting, homoseksualisme, bloedskande, kindermolestering, transseksualisme en sodomie in.

### 1.3.8 Lewensopvatting

'n Lewensopvatting kan beskou word as 'n siening wat 'n mens het oor die lewe. 'n Siening wat hom aangryp en gevat het, omdat dit die hoogste sin en doel van sy lewe is. Dit is 'n oortuiging wat die verstand te bowe gaan en daarom bo-wetenskaplik. Dit is 'n aangeleentheid van belydenis, vertroue en geloof.

Landman (1974:89-92) gee die essensiële kenmerke van 'n lewensopvatting naamlik :

- 'n Lewensopvatting is 'n besondere aangeleentheid. Dit beteken dat verskillende mense verskillende antwoorde sal gee na die sin, doel en waarde van die lewe.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

- Die lewensopvatting stel eise. Dit beteken die lewensopvatting vra iets indringend van die mens. Dit vra gehoorsaamheid.
- Die lewensopvatting het 'n geskiedenis.
- 'n Lewensopvatting word nie oorgeêrf nie. Die kind verwerf dit geleidelik.
- Die lewensopvatting word moeilik bestendig. 'n Mens werk daaraan deur sy hele lewe. Met volwassenheid word die lewensopvatting meer konstant.
- Die lewensopvatting is 'n ideële aangeleentheid.
- Die lewensopvatting is bo-wetenskaplik.

### 1.3.9 Waardes en norme

Wie waardes en norme sê, verwys direk na lewensopvatting. Geslagsvoorligting het te doen met waardes en norme en is daarom by uitstek 'n normatiewe en lewensopvatlike aangeleentheid. Die kind word opgevoed ooreenkomstig die aanvaarde waardes en norme van sy gemeenskap.

Dreyer (1981:17) beweer alle menslike handelinge berus op waardering en in gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan norme. Die mens leef nie maar net nie maar wil weet of hy sinvol leef, of hy goed leef. Die mens is 'n wese wat kan onderskei tussen goed en kwaad. Die mens handel omdat hy besluit het om te handel. Die mens handel omdat hy wil



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

handel. Daarom handel hy goed of sleg.

Volgens Dreyer (1981:18-20) is 'n waarde enigiets wat deur die mens as waarde beleef word. Waardebelewenis is een van die oerbelewenisse van die mens, sodat waardering ook een van die fundamentele verhoudinge van die mens tot sy wêreld is. Daar is 'n verskeidenheid van waardes wat ook as 'n rangorde beleef word. So kan sedelike waardes byvoorbeeld hoër wees as ekonomiese waardes. Die mens is bewus of onbewustelik gedurig daarmee besig. Dit beteken die mens word deur waardes aangespreek wat erkenning afdwing.

Waardes kan vir die mens ook so bestaan dat dit vir hom as norm geld. 'n Norm is 'n behoorlikheidseis wat as 'n reël of maatstaf vir die mens geld. Dit is 'n maatstaf waarmee gemeet word sodat 'n oordeel gevel kan word. Die norm is dus die rigsnoer vir menslike handelinge, ook vir seksuele handelinge. Die Bybel gee die norme vir die Christen. Oortreding van norme maak nie die norme kragteloos nie, dit maak die mens wel skuldig voor God.

### 1.3.10 Geestesweerbaarheid

Van Rooyen (1987:46) huldig die mening dat een van die doelstellings met gesinsvoorligting is om die kind weerbaar te maak teen een van die bes beplande en omvattendste



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

aanslae van alle tye gerig op die gees van die mens. Dus 'n geestelike aanslag wat geesteweerbaarheid noodsaaklik maak.

Die begrip geesteweerbaarheid het te doen met weerstand of om af te weer op geestelike gebied. Om weerstand te bied op geestelike gebied beteken om oor geesteskrag te beskik. Die Christen ontvang sy krag van God Drie-enig om staande te bly teen die aanslae van die Bose.

### 1.3.11 Multikulturele Onderwys

Aangesien baie skole in die RSA tans "oop skole" is vir alle rasse, word die begrip multikulturele onderwys al hoe belangriker. Aangesien dit ook vir die studie van belang is word die begrip kortliks verduidelik.

Uit Claasen (1989:431) se verduideliking van die begrip multikulturele onderwys is dit duidelik dat daar geen eenvormigheid oor die betekenis van die berip bestaan nie. Volgens hom is 'n skool waaruit verskillende kultuurgroepe kom nie noodwendig multikultureel nie. Multikulturele onderwys dui eerder op die leerinhoud en nie op die groepe wat 'n onderwyssituasie konstitueer nie.

Multikulturele onderwys word dus gesien as 'n veelheid van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

kulture wat in die leerstof aandag geniet. Hierdeur word studente geleer om kulturele diversiteit beter te begryp.

1.3.12 Begronding

Die studie wil gesinsvoorligting fundamenteel-pedagies begrond. Die vraag is wat beteken die begrip "begrond". Van Rensburg & Landman (1984;18) omskryf begronding met die woorde - "om van grond te voorsien" of die "fundering" van 'n saak - en kom tot die begrippe begronde en gefundeerde. Dit gaan dus om die vrae : waarin is gesinsvoorligting gefundeer ? of wat is die grond waarop gesinsvoorligting berus ?

De Villiers, Smuts, Eksteen, (1981:176) verklaar die begrip "grond" met begrippe soos : "Grondslag, fondament, bewyse, rede, beginsel, kern, vastigheid, feite en reël. Hier kan die vraag gevra word : Wat is die grondslag van gesinsvoorligting of wat is die fondament waarop gesinsvoorligting berus om opvoedkundig verantwoordbaar te wees ?

Kritzinger, Labuschagne, Pienaar (1972:273) verklaar die begrip "grond" met die begrippe : Fondament, kern, grondslag, beginsel, bewys, grondves en baseer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Uit die verklarings kan die begrip "begronding" omskryf word as die grondslag, of fondament waarop stellings gemaak word. Die beginsels agter die begronding van 'n stelling of tema sou belangrik wees om die bedoeling van die stelling of saak te verstaan. So sal die begronding van gesinsvoorligting die bedoeling en die waarde daarvan duideliker aantoon, want die begronding gee rigting aan die praktyk.

## 1.4. VERTREKPUNT VAN STUDIE

Die vertrekpunt van Pedagogiek as wetenskap is die opvoedingswerklikheid. Vir Landman en Kilian (1973:81) is die bron van algemeen geldige opvoedingskennis die opvoedingswerklikheid self. In die studie gaan dit oor opvoedingshulp aan die kind met betrekking tot gesinsvoorligting, sodat die kind 'n hoorlike volwassene sal word. Die mens is immers van 'n hoër vorm van volwassenheid bewus, naamlik dit wat hy meen behoort te wees. Mense het verskillende antwoorde op die vraag, "wat behoort te wees" ?

Gesinsvoorligting wat aspekte soos verantwoordelike geslagtelike gedrag insluit is sterk normatief van aard. Die kind word opgevoed om hom te identifiseer met die aanvaarbare norme van sy groep of volksverband. Daarom is gesinsvoorligting 'n partikuliere aangeleentheid. Om in die groep aanvaar te word moet daar in ooreenstemming met



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

die aanvaarde waardes en norme van die partikuliere groep gehandel word. Die aanvaarde waardes en norme is vir die groep die ideaal waarna gestreef word. Daarom sal die lewensopvatting van die groep of volk waaraan die kind behoort sterk rigting aandui van wat as aanvaarbaar beskou word. Lewensopvatting verskil van gemeenskap tot gemeenskap of van volk tot volk. Om verwarring uit te skakel is dit nodig om die verband tussen lewensopvatting en opvoeding aan te dui.

Landman (1978:164) sê opvoeding is nooit neutraal nie, omdat dit 'n lewensopvatlike aangeleentheid is. Kinders word begelei na volwassenheid soos wat die volwassene glo die kind behoort te wees. Sodoende kry die lewe sin en betekenis vir die mens.

### 1.4.1 Die Christelike lewensopvatting

Alhoewel heelwat skole in die RSA tans multikultureel is, is die Christelike lewensopvatting van besondere betekenis vir dié studie. Aangesien 'n beduidende deel van die Suid-Afrikaanse bevolking hulle self sien as Christene, behoort die Christelike lewensopvatting steeds van besondere betekenis vir die opvoeding van kinders te bly.

Aangesien gesinsvoorligting soos aangetoon sterk normatief



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

van aard is, is die vraag wie se norme geld ?. Vir die Christelike skool kan daar net een norm wees en dit is God se norm soos verkry uit die Woord van God.

Vir die doel van die studie word die begrip Christelike lewensopvatting bedoel vir die deel van die bevolking vir wie die Christelike geloof as hoogste waarde die denke en lewe beheers. Daarom sal die Bybel die rigtinggewende norme vir die lewe moet aandui ook vir gesinsvoorligting aan 'n skool met 'n Christelike karakter.

Landman, Mentz, Roos en Möller (1984:217) wys daarop dat vakonderrig lewensopvatlik toelaatbaar moet wees. Dit beteken dat die vakinhoude, asook die wyse van aanbieding, in ooreenstemming met die lewensopvatting moet wees. Dit sal veral vir 'n program soos gesinsvoorligting van toepassing wees. Louw (Onderhoud,1989) sê gesinsvoorligting is 'n diep persoonlike en emosionele aangeleentheid waarby die norme van die kultuurgroep 'n belangrike rol speel.

'n Christelik perspektief hoef nie afbreuk te doen aan 'n wetenskaplike studie nie. Steeds moet die eise van die wetenskap nagekom word. Die eise van die Pedagogiek as wetenskap is volgens Landman, Coetzee, Hill, Möller en Van Dyk (1983:9-18) die volgende :



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

(a) Verskerping van die aandag

(b) Afwys van oppervlakkigheid

(c) Uitskakeling van naïwe vooroordeel

(d) Oorwinning oor denkskuheid

Geslagsopvoeding wat 'n diep persoonlike en normatiewe aangeleentheid is moet in ooreenstemming wees met die lewensopvatting van die gemeenskap wat die skool bedien. Indien dit nie gedoen word nie, word die opvoedingswerklikheid soos dit verskyn aan 'n Christelike skool geignoreer.

## 1.5 PROBLEEMSTELLING EN HIPOTESEFORMULERING

Uit die inleidende opmerkings blyk dit duidelik dat gesinsvoorligting op skool in die eerste plek 'n opvoedingsaangeleentheid is. Nou is dit ook so dat geen opvoeding neutraal kan wees nie aangesien dit altyd binne die raamwerk van 'n lewensopvatting geskied. Opvoeding los daarvan kan hoogstens die onderrig of die oordra van blote feitekennis wees. Enige vak wat neutraal onderrig word, kan leerlinge lewensopvatlik laat stagneer.

Die probleem is egter dat as gesinsvoorligting neutraal aangebied word dit lewensopvatlik afbrekend kan wees en in welke geval daar dan nie van opvoeding maar van afbreking



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

sprake kan wees. Daar is dus twee aangeleenthede wat duidelik in gedagte gehou moet word by 'n gesonde gesinsvoorligtingprogram naamlik :

* Dit moet opvoedend van aard wees.
* Dit moet geskied aan die hand van lewensopvatlike waardes en norme.

Die vraag is nou : Wanneer sal gesinsvoorligting opvoedend kan wees ? 'n Antwoord op die vraag kan wees, as dit begrond kan word in Fundamenteel-pedagogiese essensies. Die probleem wat nou ondersoek gaan word is hoe gesinsvoorligting pedagogies begrond kan word. As daar so 'n begronding aangetoon kan word sal daar ook gekyk word wat die betekenis daarvan kan wees vir onderwysersopleiding.

As hipotese kan gestel word dat gesinsvoorligting Fundamenteel-pedagogies begrond kan word en na die hoe sal ondersoek ingestel word. Alvorens na die hoe vraag gekyk word sal ander sake eers aan die lig gestel word waarteen die probleem duideliker afgegrens kan word.

## 1.6 NOODSAAKLIKHEID VAN DIE ONDERSOEK

Met 'n sensitiewe onderwerp soos geslagsvoorligting is dit nodig om voortdurend op 'n wetenskaplike wyse gesinsvoor-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

ligting te ondersoek om vas te stel of daar aan al die voorwaardes van opvoeding voldoen word.

Die Fundamenteel-pedagogiese kategorieë kan ook vir gesinsvoorligting van belang wees. Die verband tussen Fundamentele-pedagogiek en gesinsvoorligting is belangrik om te verseker dat die opvoedingsgebeure betekenisvol verloop.

## 1.7 DOEL VAN ONDERSOEK

Die doel van die ondersoek is om :

* Aan te dui hoe Gesinsvoorligting in die praktyk geonderrig word.
* Vas te stel hoe Gesinsvoorligting tans begrond is.
* Aan te dui hoe die Fundamentele-pedagogiek Gesinsvoorligting kan help begrond.
* Aanbevelings te maak oor 'n Fundamenteel-pedagogiese begronde Gesinsvoorligtingprogram op skool.
* Aanbevelings te maak oor onderwysersopleiding in Gesinsvoorligting.

## 1.8 BEGRENSING VAN DIE ONDERSOEK

Die ondersoeker sal hom hoofsaaklik bepaal tot die gangbare



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

praktyk in die primêre skool (Gr1-st5) van die Transvaalse Onderwysdepartement.

## 1.9 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Landman en Kilian (1973:81-83) beskryf die fenomenologie as 'n metode vir die wetenskapper. Deur die fenomenologiese ingesteldheid wil die fenomenoloog die onderwerp wat hy waarneem beskryf en uitlê soos hy dit waarneem. Met ander woorde die metode laat die werklikheid verskyn soos dit werklik essensieel is. Daar word dieper gegaan as die alledaagse oppervlakkigheid totdat by die wortel van die saak uitgekom is.

Landman (1984:1) onderskei tussen Fenomenologiese filosofie en Fenomenologie as 'n metodebegrip. Vir Landman (1984:1) is Fenomenologie hedendaags primêr 'n metodebegrip. Aangesien die studie fenomenologies van aard is, moet sekere fenomenologiese analises ten opsigte van die essensies van hierdie studie gedoen word. Volgens Landman (1984:23) is die fenomenologiese werkswyse 'n denkende roep na die opvoedingswerklikheid. Indien die navorser die fenomenologie as metode wil beoefen, moet hy oor middele beskik om dit te doen.

Die middele tot sy beskikking is volgens Landman (1984:3)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

die volgende fenomenologiese handelinge (denkstappe), naamlik : Wegdink, weghandel, skeiding, kontradiksies, hermeneutiese vraag, triadiese plektoekenning, benoeming-verifikasie, wek van lewe, praktykwording, kategoriale status. Die denkstappe word aangewend met die doel om moontlike essensies wat raakgesien is se status te verifieer.

Die wyse waarvolgens die denkstappe of middele aangewend word is volgens Landman (1984:5) die volgende :

* Fenomenologiese reduksie
* Eidetiese reduksie
* Fenomenologiese konstruksie

In hierdie studie sal van die denkstappe aangewend word deur fenomenologiese reduksie om deur te dring tot die toepaslike essensies. In hoofstuk 4 sal Fundamentele Opvoedingskennis gesinteseer word met prinsipiële opvoedingskennis om sodoende te kom by 'n gefundeerde gesinsvoorligtingpraktyk.

Navorsing sal geskied deur literatuurstudie van toepaslike bronne, onderhoude en besoeke aan belanghebbendes in die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD). Waarneming sal gedoen word met behulp van die fenomenologiese middele tot die navorser se beskikking.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

## 1.10 VERDERE PROGRAM

Alvorens gekyk kan word na die begronding van 'n gesinsvoorligtingprogram sal daar eerstens gekyk moet word na die inhoudelike daarvan. As voorbeeld hiervan word na die program van die TOD asook na enkele aspekte rakende die opleiding van personeel wat dit aanbied.

Om slegs te volstaan by die inhoudelike van die gesinsvoorligtingprogram in Transvaal sal onvoldoende wees om die program te begrond. Om die rede sal daar in hoofstuk drie wyer gekyk word na die praktyk van seksvoorligting in die VSA. Op die wyse kan daar moontlik geleer word uit foute wat gemaak is asook hoe om voort te bou op positiewe aspekte daarvan. In hierdie hoofstuk sal daar ook gekyk word na argumente ten gunste van seksvoorligting asook na argumente daarteen. Dit sal nodig wees sodat daar 'n meer objektiewe lig op die onderwerp kan kom.

Nadat die praktyk van seksvoorligting van alle kante beskou is sal daar in hoofstuk vier gepoog word om gesinsvoorligting op skool vir Christelike skole in die RSA Fundamenteel-pedagogies te begrond. Hieruit behoort riglyne na vore te kom wat van betekenis mag wees vir die Onderwyspraktyk.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

In die laaste hoofstuk sal bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word vir gesinsvoorligting op skool. Die aanbevelings behoort ook vir onderwysersopleiding in gesinsvoorligting van waarde te wees.

## 1.11 STRUKTUUR VAN DIE ONDERSOEK

Om Gesinsvoorligting fundamenteel-pedagogies te begrond en die betekenis vir onderwysersopleiding vas te stel sal die volgende stappe gedoen word :

Hoofstuk 1 : Inleiding, agtergrond, begripsomskrywing, vertrekpunt en probleemstelling

Hoofstuk 2 : 'n Verkenning van die gangbare praktyk in gesinsvoorligting vir die primêre skool van die TOD.

Hoofstuk 3 : Argumente ten gunste van gesinsvoorligting op skool en argumente daarteen, met besondere verwysing na die VSA en RSA.

Hoofstuk 4 : 'n Fundamenteel-pedagogiese begronding van Gesinsvoorligting op skool.

Hoofstuk 5 : Bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings vir gesinsvoorligting en onderwysersopleiding in die primêre skool.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

## 1.12 BRONNELYS


BOTHA, W J (1982) : **Revolusie in die moraliteit.** Doctor Divinitatis. Fakulteit Teologie. Universiteit van Pretoria.

CLAASSEN, J C (1989) : Multikulturele onderwys : feit en mite. **South African Journal of Education,** 1989,9(3),431.

DEIST, F (1980) : **Viktor E Frankl sê ja vir die lewe.** Soos verwerk deur Deist. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers Beperk.

DE KOCK, A (1992) : **'n Skok oor kinders, verkragtings 500 meer as verlede jaar.**Transvaler 21 September 1992:9.

DE VILLIERS, M, SMUTS, J EN EKSTEEN, L C (1981) : **Nasionale woordeboek, vyfde uitgawe, eerste druk.** Kaapstad : Nasou beperk.

DE WITT, J T (1983) : Aanslag van die massamedia op die eietydse kind. **S.A. Tydskrif vir Opvoeding,** 3: 46-53.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

DREYER, P S (1981) : Inleiding in die Wysbegeerte. Wysbegeerte aantekeninge. Departement Wysbegeerte. Universiteit van Pretoria.

ENGELBRECHT, M C J (1985) : **Die voorhuwelikse seksuele houdings en gedrag van 'n groep Afrikaanssprekende jongmense.** Magisterverhandeling, Universiteit van Pretoria.

FOURIE, M J (1989) : Skoolhoof, Laerskool Wierdapark. Onderhoud 26 April 1989. Verwoerdburg.

HEYNS, J A (1986) : **Teologiese etiek. Deel 2/1.** Pretoria : NG kerkboekhandel Transvaal.

HOUGH, B (1991) : **Omstrede jeug-seks nou 'n film.** Rapport 19 Mei 1991:16.

KRITZINGER, M S B, LABUSCHAGNE, F J EN PIENAAR, J DE V (1972) : **Verklarende woordeboek, sesde uitgawe.** Pretoria : J.L. van Schaik.

KRUGER, J (1991) : **Bom, skote in oorlog oor gesellinne.** Rapport, 15 September 1991:3.

LANDMAN, W A (1984) : **Fenomenologiese metode en**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

**kurrikulumstudie.** Departement Fundamentele Pedagogiek. Universiteit van Pretoria.

LANDMAN, W A (1974) : **Leesboek vir die Christen opvoeder.** Pretoria : NG Kerkboekhandel.

LANDMAN, W A en KILIAN, C J G (1973) : **Leesboek vir die Opvoedkunde student en onderwyser.** Kaapstad : Die Rustica-pers (Edms) Bpk.

LANDMAN, W A, MENTZ, N J, ROOS, S G en MöLLER, T. (1984) : **Fundamentele pedagogiek en lesgee.** Durban : Butterworth - Uitgewers (Edms.) Bpk.

LANDMAN, W A, BARNARD, F, GERBER, A E, ROOS, S G, VAN DER WESTHUIZEN, G J en SMIT, R J (1978) : **Opvoedkunde vir onderwysstudente.** Stellenbosch : Universiteituitgewers en boekhandel.

LAMPRECHT, N E (1985) : **Kerklike begeleiding gedurende die ontwikkeling van seksuele identiteit by die vroeë adolessent.** Ongepubliseerde M.A. verhandeling. Universiteit van Pretoria.

LOUW, N (1989) : Adjunk-Superintendent van Onderwys : Gesinsvoorligting, Pretoria-Sentraal. Onderhoud



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

22 Februarie 1989. Pretoria.

MC ALVANY, D S (1990) : The great global aids plague of the 1990's. **The McAlvany Intelligence Advisor,** September.

MC DOWELL, J (1987) : **How to help your child say "no" to sexual pressure.** UK : Word (UK) Ltd.

PICKOVER, S (1989) : **Die mites, profiel van 'n verkragter.** Rapport-tydskrif, 5 Maart.

PISTORIUS, P (1982) : **Gister en vandag in die opvoedkunde.** Potchefstroom : Pro Rege.

POTGIETER, A (1991) : **5 Voor oor lollery met kinders.** Transvaler 26 Maart 1991:5.

PRESIDENTSRAAD verslag van die komitee vir maatskaplike aangeleenthede oor die jeug van Suid-Afrika (1987) : Kaapstad : Die Staatsdrukker.

ROOS, S G (1981) : **Geestelike weerbaarheid teen ideologiese terrorisme.** Pretoria : NG Kerkboekhandel Transvaal.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

SCHUTTE, F (1992) : VIGS - 'n aftikkende tydbom. **Konteks,** 3(7):18.

SENTRALE STATISTIEKDIENS van die RSA (1988) : Capita Selecta, Oktober.

SENTRALE STATISTIEKDIENS van die RSA (1986) : Geboortes Blankes, Kleurlinge en Asiërs. Verslag no 03-05-01.

SENTRALE STATISTIEKDIENS van die RSA (1986/87) : Statistiek van misdrywe. Verslag no 00-11-01.

SMIT, J (1990) : **Nog 'n meisie vertel van hel.** Transvaler 17 Januarie 1990:1.

SMIT, J (1990) : **Vele gesigte van die pedofiele.** Transvaler 19 Januarie 1990:1.

STEYN, A (1989) : Deelnemer op TV 1 netwerkprogram 17 Maart 1989, professor in Sosiologie by RAU.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1988) : **Die Vigsprobleem : Die Taak van die skool,** Omsendminute no 80 van 1988. Pretoria : TOD.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1988) : **Gesinsvoorligtingprogram,** Omsendminute no 87 van 1988. Pretoria : TOD.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1990) : **Gesinsvoorligting,** Omsendminute no 54 van 1990. Pretoria : TOD.

TRANSVALERSPAN, (1990) : **Vuil foto's en pille.** Transvaler 17 Januarie 1990:1.

VAN RENEN, C (1991) : **Waarom kerk oor seksvideo kla.** Transvaler 26 Maart 1992:4.

VAN RENSBURG, C J J EN LANDMAN, W A (1984) : **Fundamenteel - pedagogiese begrips verklaringe, 'n inleidende oriëntering.** Pretoria : NG - kerkboekhandel.

VAN RENSBURG, F I J (1985) : **Pornografie.** Durban : Butterworth - Uitgewers (Edms.) Bpk.

VAN ROOYEN, L (1985) : **Die beplanning van 'n gesinsvoorligtingsprogram vir die Transvaalse Onderwysdepartement.** Magisterverhandeling. Universiteit van Pretoria.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

VAN ROOYEN, L (1987) : **Die beplanning van 'n opleidingsprogram vir onderwysers in gesinsvoorligting.** Phiosophia Doctor. Universiteit van Pretoria.

WEITSZ, G H (1991) : Adjunk-superintendent van Onderwys : Gesinsvoorligting, Streek oosrand. Onderhoud 07 Junie 1991. Boksburg.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

# HOOFSTUK 2

# 'N VERKENNING VAN DIE GANGBARE PRAKTYK IN GESINSVOORLIGTING VIR DIE PRIMêRE SKOOL VAN DIE TOD.

## 2.1 INLEIDING

Volgens die Transvaalse Onderwysdepartement se Gesinsvoorligtingprogram (1988:14) en wysigings wat sedertdien aangebring is soos aangedui in TOD-Omsendminute 54 van 1990, het die Gesinsvoorligtingprogram twee komponente, naamlik leerling en ouerbegeleiding wat elk oor 'n afsonderlike voorligtingsterrein beskik. Ouerbegeleiding bestaan uit inligting en voorligting aan ouers.

Vir die doel van hierdie studie word die deel van die program wat vir leerlingbegeleiding in die primêre skool bedoel is, meer volledig beskryf.

## 2.2 GESINS- EN GESLAGSVOORLIGTING IN DIE PRIMêRE SKOOL

Die gangbare praktyk van gesinsvoorligting in die primêre skool van die TOD sal beskryf word onder die opskrifte : Inhoudgewing, plek van aanbieding, periodetoedeling, didaktiese verantwoording, personeeltoewysing, doelstellings, uitgangspunt en benadering.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Die huidige opleiding van onderwysers in gesinsvoorligting sal ook kortliks beskryf word. Aangesien die onderrig-leersituasie as 'n pedagogies didaktiese aangeleentheid gefundeer moet wees in die ontologies-antropologies gefundeerde opvoedingswerklikheid.

### 2.2.1 INHOUDGEWING

Inhoudgewing handel oor die inhoud van die Gesinsvoorligtingprogram van die primêre skool. Die Transvaalse Onderwysdepartement se Gesinsvoorligtingprogram (1988:8) en soos volgens Weitsz (Onderhoud, 1991) gewysig, word die program beskryf as 'n eiesoortige program binne die breë voorligtingsraamwerk. Ander skoolvakke maar veral Opvoedkundige Leiding ondersteun en bevestig die werk wat in die Gesinsvoorligtingprogram gedoen word en lewer volgens eie aard en sillabus 'n belangrike deelbydrae.

Opvoedkundige leiding in die primêre skool maak voorsiening vir gesins- en geslagsvoorligting. Vanaf graad i tot standerd 5 word temas van die Opvoedkundige Leiding-program gesien as deel van die Gesinsvoorligtingprogram. Vervolgens word die hoofopskrifte van die temas vir elke standerd aangetoon soos van toepassing vir die Gesins-voorligtingprogram. Die ander temas van Opvoedkundige Leiding word vir die doel van hierdie studie nie aangetoon



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

nie. Die temas is volgens die Opvoedkundige Leidingprogram (1987) en soos gewysig die volgende :

2.2.1.1 Opvoedkundige Leiding temas wat met gesinsvoorligting in verband gebring word.

(a) Gr i

- Liggaamsbegrip
- Selfbeeld : Wie is ek ?
- God het my en my gesin gemaak
- Naasteliefde
- Wedersydse respek
- Waarom ek nie by vreemdes in 'n kar inklim nie

(b) Gr ii

- God se grootste gebod is liefde
- Naasteliefde
- Liefde en gehoorsaamheid aan ouers
- Tien Gebooie
- Ek en my vriend
- Respek vir ander met hulle verskille
- Verhoudings met ander nasionaliteite en rasse
- My gesinslede en familie is my vriende
- My ouers is my beste vriende



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

- Vreemdelinge

(c) St 1

- God het my lief
- Kommunikasie met my gesin en familie
- Gesinsverhoudinge
- Norme en waardes
- My liggaam
- My beste vriend
- Wedersydse respek
- Vreemdelinge

(d) St 2

- My liggaam as tempel van God
- Normes en waardes
- Liefde en kommunikasie met ouers
- Liefde teenoor broers en susters
- Eie keuse

(e) St 3

- Gesonde liggaam en gees
- Ankers van God se liefde
- Riglyne in my lewe



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

- Waak teen besoedeling
- Menseverhoudinge
- Gesinsdialoog
- Eie keuse

(f) St 4

- My Christenskap
- Struikelblokke
- Gevoelslewe
- Verantwoordelikheid
- My ontwikkelende liggaam
- Negatiewe gewoontes
- Vriendskap
- Soorte vriendskapsbande
- Selfbeeld, selfkonsep
- Eie keuse

(g) Standerd 5

- Verantwoordelike besluitneming : die doen van 'n keuse
- Dialoog / kommunikasie. Ontwikkeling van vaardighede
- Deelname in besluitneming
- Wat weet ek van myself
- Die uniekheid van die mens
- Vriendskappe



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

- Verantwoordelikhede teenoor vriendskappe
- Die doel van die menslike bestaan
- 'n Betekenisvolle lewe
- Besoedeling
- Slegte gewoontes
- Bewusthede
- Selfkennis - fisiese ontwikkeling
- Die betekenis van "grootword"
- Selfkennis - menslikheid en sosialiteit
- Werk in die gesin
- Die doen van 'n keuse
- Die mens tussen mense
- Verhoudings tot God en medemens

2.2.1.2 Gesinsvoorligtingprogram

Die Transvaalse Onderwysdepartement se Gesinsvoorligting-program (1988:20) vir standerd 5 se temas bestaan uit 'n minder sensitiewe deel soos reeds genoem, sowel as 'n meer sensitiewe deel. Die meer sensitiewe deel van die program was aanvanklik aangebied deur die Adjunk-superindentent van Onderwys : Gesinsvoorligting.

Vanaf 1991 word die meer sensitiewe deel van die program aangebied deur  geselekteerde personeel by skole.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

(a) Die meer sensitiewe deel van die program (standerd 5)

Volgens TOD-Omsendminute (1990:1) is die meer sensitiewe deel van die program sedert 1988 gewysig. Die gewysigde program is volgens Weitsz (1991), wat deur die geselekteerde personeel aangebied word, soos volg :

* Die uniekheid van die mens
* Menswaardigheid
* Die verskillende lewensstadia van die mens
* Intellektuele verandering en rypwording
* Intellektuele ontwikkeling, wat die volgende doelwitte insluit :

  - Fisiese groei en rypwording van dogter tot vrou/ seun tot man
  - Emosionele veranderinge (hormoonveranderinge)
  - Sosiale veranderinge
  - Geestelike verandering/ verdieping

  Spesifieke onderwerpe sluit in :

    - Puberteit
    - Menstruasie
    - Sosiale en emosionele veranderinge
    - Voortplanting
    - Geslagsorgane



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

- Bevrugting
- Geboorte

* Onverantwoordelike seksuele gedrag :

  - Molestering
  - Verkragting
  - Homoseksualiteit
  - Tienerswangerskap
  - Vigs
  - Omskrywing van begrippe soos biseksueel, egbreuk, homoseksueel, kuisheid, prostitusie, promiskuïteit en verkragting

* Lewensgeleenthede en lewenskeuses.

(b) Praktiese implementering van die Gesinsvoorligting-program

Vervolgens word 'n kort uiteensetting gegee van 'n implementeringstruktuur (Laerskool Baanbreker, 1991:13) wat as voorbeeld kan dien. Die struktuur verwerklik die Gesinsvoorligtingprogram van die TOD in die praktyk.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

(A) **OUERBEGELEIDING**

Geselekteerde personeel (4x gesprekke)

- Inligting oor program
- Voorligting oor geslagsopvoeding
- Vrae te beantwoord
- Vertrouensverhouding te bewerkstellig

Geselekteerde spreker :

- Onderwerp na behoefte

(B) **LEERLINGBEGELEIDING**

1. VOOGPERSONEEL
Gri-St5

OPVOEDKUNDIGE LEIDINGPROGRAM

Temas soos in program

Probleemidentifisering
- Verwys na DPO

Persoonlike gesprek

2. GESELEKTEERDE PERSONEEL

St3 en 4 leerlinge
1 x gesprek

SEUNS
- Puberteit
- Saadstorting

DOGTERS
- Puberteit
- Menstruasie

St 5 leerlinge

VOOGPERSONEEL
- Volg program

GESELEKTEERDE PERSONEEL

Persoonlike onderhoude

Verwys probleme
ASO-G
Onderwyshulpdiens

Sensitiewe deel 2x
2½-uur sessie

ASO-G
- Advies
- Opleiding



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

(c) Betekenis van afkortings

Die afkortings wat in die implementeringstruktuur gebruik is beteken :

DPO - Departementshoof Opvoedkundige Leiding

ASO-G - Adjunk-superintendent van Onderwys : Gesinsvoorligting

## 2.2.2 PLEK VAN AANBIEDING

Die minder sensitiewe deel van die program word soos enige vak in die klaskamer aangebied, gedurende die periodes wat daarvoor bestem is.

Vir die meer sensitiewe deel van die Gesins- en Geslagsvoorligtingsprogram word die standerd 5 leerlinge onttrek uit die klaskamer. Dit word gewoonlik in die saal aangebied vir die twee en 'n halfuur sessies oor 'n tydperk van twee dae. Gewoonlik word die seuns en die dogters geskei vir die aanbieding van die sensitiewe deel van die program.

## 2.2.3 PERIODETOEDELING

Periodetoedeling het te doen met die periodes wat vir



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

gesins- en geslagsvoorligting bestem is. Volgens TOD-Omsendminute (1988:11) word geen spesifieke getal periodes vir die gesinsvoorligtingsprogram afgesonder nie. Die skoolhoof behoort na eie oordeel periodes binne die Opvoedkundige Leidingprogram vir die doel aan te wend.

In die primêre skool is daar een periode per week beskikbaar vir Opvoedkundige Leiding. Dit beteken dat gesinsvoorligting in hierdie tyd aangebied word. Vir die aanbieding van die meer sensitiewe deel van die program vir die standerd 5 leerlinge, word die twee en 'n half uur sessies spesiaal gereël deur die hoof.

### 2.2.4 DIDAKTIESE VERANTWOORDING

Didaktiese verantwoording handel oor die didaktiese riglyne vir die onderrig van gesins- en geslagsvoorligting. TOD-Omsendminute (1988:11) gee didaktiese riglyne vir die beplanning, voorbereiding en aanbieding wat kortliks uiteengesit word.

#### 2.2.4.1 Didaktiese beginsels

##### (a) Die Totaliteitsbeginsel

Die onderrig is gerig op die kind as totale wese, en in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

hierdie verband behels gesinsvoorligting die voorsiening van die nodige verwysingsraamwerk waarbinne die kind se fisiese, etiese, morele en religieuse ontwikkeling voltrek moet word.

(b) Die Motiveringsbeginsel

Die kind word oortuig van die sin van 'n bepaalde ingesteldheid wat hom oproep tot betrokkenheid en deelname in die opbou van sy selfkennis en 'n eie waardestelsel.

(c) Die Individualiseringsbeginsel

Die leerling betree die onderrig as unieke wese met sy eie besondere manier van betekenisgewing. Aan die hand van hierdie voorligting moet die leerling hom met vrymoedigheid kan oopstel sodat sy persoonlike probleme na vore kan kom. Op hierdie wyse kan hy gelei word om, waar nodig, nuwe betekenis toe te ken aan die werklikheid van sy ontstaan en wording. Sy unieke rol van seun of dogter as deel van 'n besondere gesin kry dan vir hom sin en betekenis. Erkenning word gegee aan die individualiteit en individuele wordingsvlak van elke leerling.

(d) Die Sosialiseringsbeginsel



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Hierdie bemoeienis is by uitstek 'n sosiale situasie waar die opvoeder en kind, en kinders onderling, met mekaar saam lewe. In hierdie program sal die leerling ook deur saampraat sin en betekenis aan die werklikheid gee.

#### 2.2.4.2 Beplanning

Met die beplanning moet die volgende aspekte in gedagte gehou word :

(a) Lesse word in klasse aangebied nie groter as dertig nie.
(b) Seuns en dogters word, waar nodig geskei.
(c) Onderrigmedia moet met verantwoordelikheid en oorleg aangewend word en altyd tot sinvolle vorming lei. Oudiovisuele hulpmiddels mag alleenlik aangewend word as dit vooraf deur die Direkteur van Onderwys goedgekeur is.

#### 2.2.4.3 Voorbereiding en aanbieding

Lesvoorbereiding en aanbieding moet altyd aan die hand van 'n aanvaarbare lesvorm geskied, bv. :

- Aktualisering van die voorkennis
- Probleemstelling
- Eksposisie van die leerinhoud



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

- Aktualisering van die leerinhoud
- Funksionalisering
- Evaluering

2.2.4.4 Metodes

In die oriënteringskursus : Gesinsvoorligting vir onderwysers (8-9 Mei 1989) se werksessies word die volgende aanbiedingstegnieke voorgestel :

(a) Rollespel

Leerlinge verdeel in groepe en speel 'n bepaalde rol. Die klas verdeel byvoorbeeld in gesinsgroepe. Elke gesin boots 'n bepaalde gesinskonfliksituasie na.

(b) Kernspanaktiwiteit

'n Kernspan bestaan uit ongeveer vier lede wat op stoele sit in die middel van die groep. Een stoel word by die kernspan oopgelaat. Die kernspan lei die onderwerp in en bespreek dit. 'n Lid van die buitekring kan te eniger tyd binnetoe beweeg om op die leë stoel te gaan sit. Hy mag slegs sy saak stel en moet dan daarna die stoel verlaat.

(c) Die Visbak



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Die metode is feitlik dieselfde as die kernspanaktiwiteit met die verskil dat daar geen oop stoel is mie. 'n Lid van die buitekring mag na binne deur enige lid van die binnekring op die skouer te tik. Laasgenoemde moet dan dadelik by die buitekring aansluit.

(d) Dinkskrum

Die groepleier stel die probleem aan sy groeplede en versoek hulle om so vinnig moontlik oplossings aan die hand te doen.

(e) Artikelbespreking

Elke groep ontvang 'n pakkie tydskrifartikels. Die groep trek een of twee artikels en bespreek dit. Die groep kan gevra word om terug te rapporteer.

Die klasgesprek en die verskillende variasies van groepbesprekings is dus die belangrikste metodes van aanbieding. Die onderwyser moet egter altyd die les afsluit deur die klas te begelei tot die aanvaarbare Bybelse norm.

### 2.2.5 PERSONEELTOEWYSING

Die vraag het te doen met die personeel wat betrokke is by



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

die aanbieding van gesins- en geslagsvoorligting. Die Transvaalse Onderwysdepartement se Gesinsvoorligting-program (1988:8) met die wysigings wat volgens Weitsz (Onderhoud 1991) aangebring is gee 'n uiteensetting van die personeel wat betrokke is, naamlik :

(a) Die skoolhoof

Die skoolhoof is oorhoofs verantwoordelik vir die doeltreffende en sinvolle implementering van die Gesins- en Geslagsvoorligtingprogram.

(b) Die Departementshoof : Opvoedkundige Leiding

Die Departementshoof Opvoedkundige Leiding beplan en organiseer die program vir die skool onder leiding van die hoof en in samewerking met die Adjunk-superindentent van Onderwys : Gesinsvoorligting. Hy koördineer die werk van die verskillende personeellede vir die aanbieding van die program.

(c) Alle personeellede

Alle personeel is, vanweë hulle betrokkenheid met die leerlinge, daarvoor verantwoordelik om probleme by leerlinge te identifeseer en sodoende leerlinge te verwys



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

na die personeel wat daarvoor geidentifiseer is. Alle personeel moet op hoogte gebring word met die beginsels en doelstellings van die program en dit deur sy/haar voorlewing te bevorder.

(d) Geselekteerde personeel

By elke skool behoort 'n man en 'n vrou vir opleiding in gesins- en geslagsvoorligting geselekteer te word. Die geselekteerde personeel is in samewerking met die Adjunk-superindentent van Onderwys : Gesinsvoorligting verantwoordelik vir die aanbieding van die sensitiewe deel van die program. Die kriteria vir die seleksie van personeel is :

- Verkieslik 'n getroude persoon wat reeds kinders het en 'n eie gelukkige huweliks- en gesinslewe.
- 'n Gesonde Christelike lewens en wêreldbeskouing handhaaf.
- 'n Permanent aangestelde persoon wat ten minste 5 jaar bevredigende onderwyservaring het.
- Positiewe houding en gesindheid het ten opsigte van heteroseksualiteit soos in die Bybel bevestig (Rom 1).
- Agting vir menswaardigheid van alke individuele leerling en ouer en 'n vermoë om respek en vertroue in te boesem.
- Vermoë om 'n egte vertrouensverhouding met leerlinge en ouers te stig en handhaaf.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

- 'n Vermoë om deur die gebruik van die korrekte terminologie en begrip, met die kind in sy soeke na antwoorde op sy vrae, te kommunikeer.
- 'n Vermoë om die regte klimaat vir sensitiewe besprekings te skep.
- Soepelheid en vaardigheid in die hantering van groepe
- Vermoë om groepbesprekings te lei en sinvolle groepinteraksie te laat plaasvind.
- Vermoë om, waar nodig, ook ouers in hierdie verband te begelei.
- 'n Vermoë tot empatie, met 'n simpatieke begrip vir die algemene probleme wat kinders in elke ontwikkelingstadium ondervind en 'n vermoë en bereidwilligheid om hulp te verleen.
- Kennis van sosiale veranderings wat plaasvind, 'n belangstelling in gesins- en geslagsvoorligting en 'n bereidwilligheid om verder hierin opgelei te word.

### 2.2.6 DOELSTELLINGS

Die Transvaalse Onderwysdepartement se gesinsvoorligtingprogram (1988:2-7) gee 'n uiteensetting van behoeftes en doelstellings wat kortliks uitgelig word.

Verskillende faktore, onder meer die negatiewe gevolge van egskeidings, die probleme van swanger skooldogters en die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

versteurde verhoudinge tussen die twee geslagte maak inbreuk op die vermoë van leerlinge om ten volle by die opvoeding en onderrig in die skool baat te vind. Tesame hiermee het die volgende behoeftes bygedra tot die implementering van 'n gesinsvoorligtingprogram op skool.

2.2.6.1 Geïdentifiseerde behoeftes

(a) Breë behoeftes deur die samelewing

Die samelewing openbaar 'n behoefte aan gelukkige, ewewigtige en gebalanseerde huisgesinne. Vir die Christelike gemeenskap staan die gesinslewe in diens van God en vind sy uiteindelike bestemming in Hom.

(b) Behoeftes by ouers

Ouers is die primêre opvoeders en is verantwoordelik vir die totale opvoeding van die kind, ook vir gesins- en geslagsvoorligting. Van Rooyen (1987:6) het bevind dat slegs 52,08% van die dogters en 24,32% van die seuns hierdie inligting en voorligting van ouers ontvang. Die leiding wat dogters ontvang was hoofsaaklik ten opsigte van menstruasie. Die biologiese en fisiologiese van geslagsvoorligting is die aspekte waarvoor die meeste ouers terugdeins. Ouers openbaar 'n groot behoefte aan profes-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

sionele hulp om hulle in staat te stel om die nodige leiding aan hulle kinders te gee.

(c) Behoeftes by leerlinge

Behoeftes by die voorpuberteits en vroeë puberteitsfase is:

- Bewuswording van 'n spesifieke rol as unieke persoon, maar ook as seun of dogter deur God geskape, as lid van 'n besondere gesin.
- Aanvaarding van 'n bepaalde geslag en identifisering met die geslag.
- Begrip vir die fisiologiese veranderinge wat as gevolg van normale groei en afskeiding van hormone te weeggebring word in albei geslagte.
- Gebruik van die regte terminologie ten opsigte van geslagsaangeleenthede.
- Vorming van positiewe gesindhede ten opsigte van geslagsaangeleenthede.
- Insigte en begrip ten opsigte van die gevolge van sekere dade.
- Bewuswording van die self as bestaande uit baie fasette en nie net uit die liggaam nie (emosionele, soiale, intellektuele, godsdienstige, en persoonlikheidsfasette).

2.2.6.2 Doelstellings met die Gesinsvoorligtingprogram



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

(a) Algemene doelstelling

Gesinsvoorligting, wat in wese opvoeding is, het ten doel om 'n gelukkige, ewewigtige en gebalanseerde gesinslewe te bevorder. Dit gaan dus hoofsaaklik om die bevordering van 'n gesinslewe waar kinders opgevoed en begelei word om eendag as volwassenes hulle roeping as man en as vrou, vader en moeder, te vervul. Gesinsvoorligting het met die totale mens, en daarom met die fisiese, morele, etiese en religieuse aspekte van sy opvoeding te doen.

In die lig van bogenoemde doelstelling moet daar gepoog word om :

- Die kind deur begeleiding in staat te stel om op verantwoordbare wyse stelling in te neem ten opsigte van sy persoonlike lewe om sodoende op sinvolle wyse en aan die hand van 'n Bybelse waardesisteem, in 'n dinamiese samelewing, sy roeping te vervul.
- Die ouers te ondersteun in die daarstelling van 'n gesonde opvoedingsverhouding met die kind asook ten opsigte van die hantering van bepaalde vraagstukke wat ouers met die opvoeding van kinders belewe.
- Dogters te adviseer tot verantwoordelike besluitneming indien 'n ongewenste swangerskap sou plaasvind.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

(b) Spesifieke doelwitte vir die voorpuberteits en vroeë puberteitsfase ( standerd 5 )

- Om verwondering oor die skepping by leerlinge tuis te bring. Die wonder van sy eie ontstaan as unieke persoon, seun of dogter, as lid van 'n besondere gesin, word beklemtoon.
- Om inligting te verskaf en kennis te bevorder oor sy eie wording, met spesiale verwysing na fisiologiese veranderinge en die gevoelsmatige belewing daarvan gedurende puberteit.
- Om agting vir die waardigheid van die eie en die teenoorgestelde geslag en die waarde van gesonde kameraadskap en vriendskap te bevorder.
- Om 'n vroeë lewensfilosofie te ontwikkel waarin gesonde geslagtelikheid en verantwoordelikheid reeds 'n plek het.

2.2.6.3 Uitgangspunt en benadering

Die uitgangspunt en benadering vir gesins- en geslag-opvoeding kan gesien word as die belangrike voorwaardes waaraan so 'n program moet voldoen. Die uitgangspunte vir gesins- en geslagsopvoeding van die TOD is kortliks die volgende :

- Geslagtelikheid is 'n aspek van menswees deur God gegee.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

- Geslagsopvoeding vorm 'n komponent van hierdie opvoedingsaangeleentheid.
- Geslagsopvoeding is onteenseglik die voorreg en plig van die ouer.
- Bestendige gesinslewe is die ideale situasie vir gesins- en geslagsopvoeding.
- Die skool het 'n belangrike funksie om in die behoeftes van 'n snel veranderende samelewing te voorsien. Dit sluit onder andere ook die ondersteuning van die ouer in.
- Die Gesins- en Geslagsopvoedingsprogram is Bybels gefundeerd.

## 2.3 GESINSVOORLIGTING EN ONDERWYSERSOPLEIDING

Vir die doel van hierdie studie word verslag gedoen oor die opleiding van die primêre skool onderwyser. Onderwysersopleiding in gesins- en geslagsvoorligting het twee komponente, naamlik indiensopleiding en aanvanklike opleiding by 'n Onderwyskollege of Universiteit.

### 2.3.1 Indiensopleiding

Indiensopleiding word aangebied deur die Adjunksuperintendent : Gesinsvoorligting by wyse van 'n oriënteringskursus en indiensopleiding ter verdere opleiding van geselekteerde personeel. Indiens-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

opleiding is gewoonlik in die vorm van 'n twee dag werkswinkel.

Tydens indiensopleiding ter verdere opleiding soos aangebied deur Weitsz (Indiensopleiding, 1991) het die volgende sake aan die lig gekom :

(a) Personeel

Verdere opleiding is vir die personeel wat die sensitiewe deel van Gesins- en Geslagsvoorligtingsprogram vir die standerd 5 leerlinge aanbied.

(b) Metode

Die opleiding het begin met 'n ysbreker in die vorm van 'n vraelys (waar of onwaar), wat deur die personeel voltooi is. Van die belangrikste vrae was :

- Geslagsopvoeding is die reg van elke kind (waar)
- Die ouer as primêre opvoeder behoort uitsluitlik die geslagsopvoeding van die kind te hanteer (onwaar)
- Ouers behoort hulle kinders slegs op aanvraag in te lig (onwaar)
- Feitlike inligting rondom die geslagsdaad behoort nie in die klaskamer bespreek te word nie. (onwaar)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

- 'n Kind is voor puberteit nog te jonk om die betekenis van die geslagsdaad te begryp (onwaar)
- Die verskaffing van breedvoerige inligting sal 'n gunstige houding teenoor seksualiteit teweeg bring (waar)
- Meer as die helfte van die eietydse tieners is seksueel aktief (waar)
- Die breë samelewing aanvaar seksuele vryheid (waar)
- Moraliteit is 'n persoonlike aangeleentheid en verskil van persoon tot persoon (waar)

Die metode van aanbieding het bestaan uit lesings en groepbesprekings.

(c) Inhoud

Lesse is aangebied soos voorgeskryf vir die standerd vyf leerlinge. Sensitiewe onderwerpe wat verduidelik moet word aan die standerd vyf leerlinge sluit in :

- Puberteit, met die gebruik van die korrekte terminologie.
- Menstruasie, deur die menstruele siklus te verduidelik.
- Voortplanting, die verskil tussen man en vrou.
- Die manlike geslagsorgane.
- Die vroulike geslagsorgane.
- Bevrugting.
- Geboorte.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

- Seksuele molestering, verwysing na 'n pedofiel.
- Verkragting as gedwonge geslagsgemeenskap.
- Homoseksualisme / Lesbinisme.
- Masturbasie as 'n normale menslike handeling.
- Vigs, wyse van oordrag.
- Omskrywing van begrippe soos biseksueel, promiskuïteit en prostitusie.

Personeel is ook voorberei om vrae wat dikwels voorkom, soos die volgende te hanteer :

- Is masturbasie sonde ? Waarop die antwoord soos volg gegee word : Nee, tensy dit 'n opsessie word. Masturbasie is 'n normaal menslike handeling. Die Bybel verwys nêrens na masturbasie nie, maar beveel ons om ons drange te beheer.
- Wat is 'n ereksie ?
- Hoe skeur die maagdevlies ?
- Hoe veilig is die kondoom ?
- Kan jy swanger raak as jy nog nie menstrueer nie ?

2.3.2 Aanvangsopleiding

Aanvangsopleiding is vir onderwysstudente wat besig is om 'n professionele kwalifikasie te verwerf aan 'n onderwys-kollege. Volgens Van Coller (onderhoud, 1989) ontvang



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

studente opleiding in gesinsvoorligting binne die vak Skoolvoorligting. Skoolvoorligting is 'n keusevak wat deur 'n beperkte aantal studente geneem word. Al die studente ontvang dus nie opleiding in gesinsvoorligting nie. Die inhoud wat aangebied word is :

* Breë riglyne word gegee volgens die Transvaalse Onderwysdepartement se oriënteringskursusse vir onderwysers. Die inhoud handel oor onderwerpe soos :

  - Die aard en filosofie van die gesinsvoorligtingprogram.
  - Die plek van gesinsvoorligting in die skoolprogram.
  - Die leerling in gesinsvoorligtingsperspektief.
  - Die leerinhoudelike van die gesinsvoorligtingsprogram.
  - Die etiek en praktyk van tienerverhoudings.
  - Die identifisering en hantering van individuele leerlinge met probleme.
  - Ouerbegeleiding as komponent van die gesinsvoorligtingprogram.

* Die Transvaalse Onderwysdepartement se Gesinsvoorligtingprogram (1988) word behandel. Die volgende aspekte word uitgelig :

  - Onderskeid word gemaak tussen die sensitiewe en die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

minder sensitiewe onderwerpe.

- Die minder sensitiewe onderwerpe word meer volledig behandel.
- Indentifisering van leerlinge met probleme en die rol van die Onderwyshulpdiens word behandel.
- Vakdidaktiese riglyne en beginsels word gegee.

### 2.3.3 Doel met onderwysersopleiding in gesinsvoorligting

Studente en onderwysers word opgelei in gesinsvoorligting om sodoende 'n sinvolle bydra te lewer tot die gesinsvoorligtingprogram in die skool.

Deur deeglik opgeleide personeel kan daar beter gestreef word na die doelstellings van gesinsvoorligting. Die belangrikste doel volgens TOD-Omsendminute 87 (1988:7) is sekerlik om 'n gelukkige, ewewigtige en gebalanseerde gesinslewe te bevorder.

## 2.4 SAMEVATTING

Na 'n ondersoek oor die Gesinsvoorligtingsprogram in die primêre skool van die TOD het die volgende duidelik geword :

- Die Transvaalse Onderwysdepartement het duidelik



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

aangetoon wat die uitgangspunt, doel, inhoud, en metodiek vir Gesinsvoorligting op skool is.

- Die behoefte aan 'n Gesinsvoorligtingprogram is aangetoon.
- Gesinsvoorligting het gedurende 1991 deeglik inslag gevind in die primêre skool van die Transvaalse Onderwysdepartement.
- Nadat opleiding aan geselekteerde personeel gedurende 1991 verskaf is, sal die primêre skole in staat wees om in samewerking met die Adjunk-superindentent van Onderwys : Gesinsvoorligting die Gesinsvoorligtingprogram volledig te implementeer.
- Die geselekteerde personeel sal ook die sensitiewe deel van die program aanbied in oorleg met die Adjunk-superintendent van Onderwys : Gesinsvoorligting.
- Die Bybelse uitgangspunt vir Gesinsvoorligting word baie duidelik beklemtoon.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

2.5 BRONNELYS


LAERSKOOL BAANBREKER (1992) : **Beleid vir Gesinsvoorligting.** Boksburg.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1987) : **Handleiding vir die implimentering van die Opvoedkundige Leidingprogram.** Pretoria : TOD.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1988) : **Gesinsvoorligtingprogram, omsendminute no 87 van 1988.** Pretoria : TOD.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1990) : **Gesinsvoorligting, omsendminute no 54 van 1990.** Pretoria : TOD.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1989) : **Oriënteringskursus : Gesinsvoorligting, 8-9 Mei 1989.** Pretoria : TOD.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1991) : **Indiensopleiding ter verdere opleiding aan geselekteerde personeel, 1-2 Julie 1991.** Boksburg : TOD.

VAN COLLER, A J (1989) : Hoof Departement Psigopedagogiek,




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Onderwyskollege Pretoria. Onderhoud 11 Mei 1989. Pretoria.

VAN ROOYEN, L (1987) : **Die beplanning van 'n opleidingsprogram vir onderwysers in gesinsvoorligting.** Philosophia Doctor. Universiteit van Pretoria.

WEITSZ, G H (1991) : Adjunk-superintendent van Onderwys : Gesinsvoorligting, Streek Oosrand. Onderhoud 07 Junie 1991. Boksburg.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

## HOOFSTUK 3

## ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN GESINSVOORLIGTING OP SKOOL EN ARGUMENTE DAARTEEN, MET BESONDERE VERWYSING NA DIE VSA EN RSA

### 3.1 INLEIDING

Voordat die TOD se Gesinsvoorligtingprogram vir primêre skool leerlinge Fundamenteel - pedagogies begrond kan word, moet 'n literatuurstudie onderneem word ten einde argumente ten gunste van die implimentering van so 'n program sowel as argumente daarteen, aan die lig te bring. Uit 'n literatuurstudie van argumente ten gunste van gesinsvoorligting op skool, behoort gronde waarop sodanige programme gefundeer word aan die lig te kom. Die vraag is : Op grond waarvan word gesinsvoorligting op skool aangebied ?

Argumente teen die onderrig van gesinsvoorligting op skool behoort 'n onvoldoende begronding of 'n lewensopvatlik ontoelaatbare begronding aan die lig te bring.

Voordat argumente vir of teen gesinsvoorligting op skool aan die lig gebring word, word daar kortliks stilgestaan by geslagsopvoeding (seksonderrig) in die VSA. Aangesien die VSA lank reeds besig is met seksopvoeding op



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

skool, behoort hulle ervaring daarmee, belangrike insigte navore te bring.

### 3.2 AGTERGROND VAN "SEKSOPVOEDING" IN DIE VSA

Uit Cassell en Wilson (1989:xx-xxii) se kort historiese beskrywing van seksualiteitsopvoeding in die VSA word die volgende aspekte duidelik :

- Seksualiteitsopvoeding het in die VSA gedurende die sestigerjare beleid geword van die "US office of Education".
- Die stigting van twee belangrike organisasies naamlik : "The Sex Information and Education Council of the United States" (SIECUS) en "American Association of Sex Educators, Counselors and Therapists" het die dringendheid van professionele seksualiteitsopvoeding beklemtoon.
- Soos wat seksopvoeding in die laat sestigerjare toegeneem het, het groepe ouers wat teen seksopvoeding gekant was, begin om op nasionale vlak daarteen te organiseer.
- Opnames toon egter dat 80% van alle Amerikaanse ouers ten gunste van seksopvoeding op skool is.
- Daar is wel verskil van mening oor die wat, hoe en wanneer van seksonderrig.
- Afgesien van die nood aan seksualiteitsopvoeding het 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

ondersoek wat ondersteun was deur die "Centers for Disease Control" gevind dat slegs 10% van alle Amerikaanse leerlinge omvangryke seksualiteitsopvoeding op skool ontvang.

- Die ongeveer twee duisend skooldistrikte in die VSA is self verantwoordelik vir die kurrikulum wat in skole aangebied word.
- Die epidemiese afmetings wat vigs, tienerswangerskappe, gesinsverbrokkeling en seksueel oordraagbare siektes besig is om aan te neem, veroorsaak egter dat daar by skole 'n groeiende bewuswording vir die noodsaak aan seksualiteitsopvoeding ontstaan.
- Aanvanklik het seksopvoeding in die VSA bestaan uit 'n lesing of twee oor fisiologie, voortplanting en geslagsoordraagbare siektes.
- Sedert die middel sewentigerjare het die inhoud verskuif na die totale persoon. Dit sluit in 'n ondersoek na waardes en die ontwikkeling van lewensvaardighede.
- Baie kolleges en universiteite bied kursusse en selfs graadkursusse aan onderwysers. Voortgesette opleiding is ook aan onderwysers beskikbaar om hulle beter te bekwaam vir seksualiteitsopvoeding.

## 3.3 ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN GESINSVOORLIGTING OP SKOOL

Argumente word in tabelvorm gegee sodat die essensiële van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

die argumente duideliker aan die lig gebring kan word. Sodoende wil die fenomenoloog hom denkend rig op die argumente ten gunste van gesinsvoorligting op skool.

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
|---|---|---|
| Chanter (1966:6-7) | Jong kinders moet geslagsvoorligting ontvang omdat hulle nog nie sterk emosies ervaar nie | Kinders se verborge vrese moet vroeg opgeklaar word voordat dit voortduur tot volwassenheid |
| | Vermyding van seksuele onderwerpe lei tot geheimsinnigheid wat nuuskierigheid aanmoedig | Geheimsinnigheid lei daartoe dat kinders inligting soek by ongewenste bronne |
| Dawkins (1967:2) | Geslagsvoorligting help om angstigheid oor seksuele ontwikkeling te verlig | Angs en onrustigheid oor seksuele ontwikkeling vermors onnodige energie wat meer |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
| --- | --- | --- |
| | | konstruktief gebruik kan word |
| Powers en Baskin (1969:3-84) | Jongmense wil graag seksualiteit bespreek | Onderwerpe soos hofmakery, liefkosing, geslagsomgang en tienerhuwelike is gewild onder jongmense. |
| | Kennis van seks kan jongmense toerus om van seksualiteit 'n ryker en gelukkiger ondervinding te maak | Seksualiteit speel 'n positiewe rol in die menslike lewe daarom is toerusting daaroor belangrik |
| | Adolessente kry die meeste inligting oor seksualiteit by maats | Inligting wat by die portuurgroep verkry word is onvolledig |
| | Korrekte inligting oor seksualiteit is | Vooroordele en mites maak die |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
|---|---|---|
| | belangrik om vooroordele en mites te vervang | kind minder toegangklik vir die korrekte feite later in sy lewe |
| Julian en Jackson (1972:66) | Basiese feite oor seksualiteit sal jongmense toerus om die seks georiënteerde wêreld te hanteer | Basiese feite oor seksualiteit sal jongmense help om die regte besluite oor seksuele gegedrag te neem |
| Haims (1973:29-33) | Seksualiteit is elke oomblik deel van die kind se lewe daarom is geslagsvoorligting onvermydelik | Die kind is gedurig bewus van sy eie seksualiteit as seun of dogter |
| | Ouers gee onvoldoende onderrig oor sek sualiteit omdat hulle te emosioneel betrokke is by hulle kinders | Emosionele betrokkenheid maak dat ouers nie objektief kan wees oor seksuele aan- |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
| --- | --- | --- |
| | | geleenthede nie |
| Hottois en Milner (1975:3-9) | 'n Rasionele benadering gebaseer op kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting rakende seksualiteit sal die individu help om die regte besluite te neem | Reekse alternatiewes en gevolge moet vir die individu gestel word waaruit gekies kan word |
| | Ouers is nie voldoende opgelei om geslagsvoorligting effektief te onderrig nie | Geslagsvoorligting is 'n gespesialiseerde taak wat die skool moet verrig |
| Went (1985:8-11) | Ouers verkies dat die skool onderrig gee in geslagsvoorligting | Ouers vrees dat persoonlike vrae deur hulle kinders verleentheid kan veroorsaak |
| | Weerhouding van | Indien skool- |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
|---|---|---|
| | inligting oor seksualiteit lei tot onverantwoordelike gedrag | dogters bv besef hoe hulle swanger raak en wat die gevolge daarvan is sal hulle meer verantwoordelik optree |
| New York City Board of Education (1985:1) | Die skool is toegerus met die nodige kennis en bronne om leerlinge voldoende voor te berei vir die toekoms | Skool kan goeie ondersteuning gee vir interpersoonlike verhoudings, toekomstige huwelik en ouerskap |
| Montgomery County Public Schools (1985:v) | Jeugdiges moet voorberei word vir betekenisvolle verhoudings in 'n permanente en gelukkige huwelik | Die familie as 'n eenheid is 'n sentrale struktuur in die gemeenskap. |
| Pate en Knight | Voorkoming van | In die VSA raak |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
| --- | --- | --- |
| (1985:4-5) | tienerswangerskappe verg 'n omvattende en gekoördineerde poging | oor die een miljoen tieners jaarliks swanger |
| Planned Parenthood Federation of America (1986:1) | Seksualiteits opvoeding is die geboorte reg van elke individu. | Seksualiteits opvoeding behoort deel te wees van alle opvoeding, aangesien dit die mens toenemend keuseweerbaar help maak. |
| Brown (1987:1-3) | Die enigste lewensvatbare teen-voeter vir die dodelike vigs-virus blyk opvoeding te wees | Aangesien daar nie doeltreffende medikasie vir vigs is nie, is voorkomimg deur opvoeding die enigste alterna-tief |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
|---|---|---|
| | Navorsing toon dat kennis van seksuele aangeleenthede deur jeugdiges baie min effek het op hulle seksuele houdings en gedrag | Ouers se vrees dat feitelike inligting oor seks sal lei tot permissiwiteit is ongegrond |
| Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkings-ontwikkeling (1987:v-16) | Kinders word op groot skaal bloot-gestel aan seks-ualiteit wat weer-houding van inligting vrugteloos en selfs skadelik maak | Blootstelling van seksualiteit ge-skied deur maats, volwassenes en die massamedia |
| | Opklaring van onkunde, vrese en skuldge-voelens deur professionele mense sal bydra tot 'n gesonde aanvaarding van seks en seksualiteit | Jongmense moet gelei word om hulle eie waardes ooreenkomstig normatiewe voor-skrifte te be-paal. |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
| --- | --- | --- |
| Van Rooyen (1987:46-47) | Gesinsvoorligting kan deur kennis positiewe houdings en gesindhede bevorder. Waardes en norme vas lê en die die kind weerbaar maak teen die aanslae wat gerig is op die gees van die mens | Gesinsvoorligting stel die kind instaat om verantwoordbare besluite te neem. Sy eie menswaardigheid asook die van ander te verstaan en te respekteer |
| TOD Omsendminute 87 van 1988:1-4 | Gesinsvoorligting wil die gesinslewe verryk en versterk in harmonie met gemeenskap en Bybelse norme | Klem moet gelê word op faktore wat huweliksgeluk bevorder. Verhoudings met die teenoorgestelde geslag is daarom belangrik |
| | Die negatiewe gevolge van afwykende gedrag tussen die twee ge- | Afwykende gedrag is onder meer gevolge van eg- |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
|---|---|---|
| | slagte maak gesinsvoorligting noodsaaklik | skeidings, swanger skooldogters en versteurde verhoudinge |
| | Ouers deins terug vir die fisiologiese aspek van geslagsvoorligting | Ouers openbaar 'n groot behoefte aan professionele hulp |
| | Leerlinge openbaar oor 'n breë terrein 'n behoefte aan gesinsvoorligting | Leerlinge wil weet waarom sekere fisiologiese veranderinge plaasvind. Wat die gevolge van sekere dade is. Om die self as bestaande uit baie fasette te begryp |
| Horry County Board of Education (1989:1-4) | In die oorlog teen vigs is opvoeding tans die enigste wapen | Die onderrig van feite rakende die vigs virus en hoe dit versprei, is |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
|---|---|---|
| | | belangrik. Klem moet gelê word op weerhouding van buite egtelike seksuele aktiwiteite en dwelm-misbruik |
| | 'n Beduidende aantal tieners in die VSA beoefen hoë risiko seksuele aktiwiteite | Vyftig persent tiener dogters beoefen seks-uele gemeenskap in die VSA |
| | Daar bestaan vrees onder tieners dat toevallige kontak vigs kan veroorsaak | Leerlinge voel verlig wanneer hulle verstaan dat vigs nie deur toevallige kontak veroorsaak word nie |
| Van Renen (1990:8-9) | Ouers verwaarloos die taak om ge- | Belangrike voor-waarde vir ge- |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| | | |
|---|---|---|
| | slagsopvoeding aan hulle kinders te gee | sinsvoorligting is dat dit Christelik aangebied moet word. Christelike waardes en norme wat vir die huwelik geld moet oorgedra word |

### 3.3.1 ARGUMENTE AS GRONDE VIR GESINSVOORLIGTING OP SKOOL

Argumente wat in 3.3 aangetoon is word nou verder gereduseer deur fenomenologiese reduksie. Die fenomenologiese middel wat hiervoor aangewend word is skeiding. Die geskeide argument wat kan dien as gronde vir gesinsvoorligting op skool sal die argument helderder laat skyn.

GESKEIDE ARGUMENTE

* Jeugdiges het nood aan korrekte inligting aangaande seksualiteit.
* Geslagtelikheid is deel van menswees, daarom is geslagsvoorligting onvermydelik.
* Korrekte inligting oor seksualiteit sal die jeugdige toerus om selfstandig besluite rakende hulle eie seksualiteit te neem.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

* Weerhouding van inligting oor seksualiteit lei daartoe dat inligting by ongewenste bronne gesoek word.
* Die grootskaalse blootstelling aan seksualiteit in die massamedia maak dit nodig om feite in die regte lig te stel deur geslagsvoorligting.
* Die gevolge van ongewenste seksuele gedrag soos tienerswangerskappe maak gesinsvoorligting noodsaaklik.
* Ouers deins terug vir die taak om geslagsvoorligting aan hulle kinders te gee.
* Die skool is die beste toegerus om gesinsvoorligting effektief te onderrig.
* Die dodelike siekte VIGS kan huidiglik slegs deur opvoeding bestry word.
* Gesinsvoorligting wil die gesinslewe verryk en versterk.

## 3.4 ARGUMENTE TEEN GESINSVOORLIGTING OP SKOOL

Vervolgens word argumente teen gesinsvoorligting in tabelvorm gegee sodat die argumente duidelik aan die lig kan kom.

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
|---|---|---|
| Steinbacher (1971:1-9) | Beplanners van seksualiteitsprogramme is meestal | 'n A-morele kulte word bevorder deur leerlinge self te |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
| --- | --- | --- |
| | Humanisties | laat besluit oor seksuele keuses |
| Anchell (In Steinbacher 1971:25-28) | Voortplanting is 'n natuurlike proses wat onderrig daarin onnodig maak | Kliniese feite oor seks op 'n te vroeë ouderdom is eerder skadelik as goed |
| Haims (1973:33-37) | Geslagsvoorligting lei tot eksperimentering | Sensitiewe onderwerpe stimuleer eksperimentering |
| Hottois en Milner (1975:4-13) | Seksualiteit is 'n morele aangeleentheid | Die wetenskap bepaal nie wat reg en verkeerd is nie eerder die lewensopvatting |
| | Geslagsvoorligting gebaseer op eie waardes en besluite bevorder die Humanisme | Eie besluite oor seksuele aangeleenthede bevorder permissiwiteit en breek die gesag van ouers af |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
|---|---|---|
| Chambers (1977:11-55) | "The Sex Information and Education Council of the United States" propageer metodes en tegnieke in geslagsopvoeding wat die Humanisme bevorder | Metodes en tegnieke soos situasie etiek, rollespel, drama, groepbesrekings en waardeopheldering bied geleentheid vir sensitiwiteitsopleiding, 'n instrument om die Humanisme te bevorder |
| Morris (1979:31) | Ouers se beswaar is nie teen die feite van die lewe nie, maar teen die Humanistiese houding wat in geslagsvoorligting bevorder word | Geslagsvoorligting se gebrek aan 'n morele basis skep vir ouers probleme |
| Wallis (1984:259) | Sosiale euwels word nie deur geslags- | Onder sosiale-euwels word |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
|---|---|---|
| | voorligting verminder nie | aspekte bedoel soos : Voorhuwelikse seks, geslagsiektes, aborsies en buite-egtelike geboortes |
| Wallis (1986:29-74) | Met sosiale programme soos geslagsvoorligting gaan kosbare tyd verlore wat eerder aan basiese onderrig bestee moet word | Basiese onderrig naamlik onderrig in lees, skryf en reken word afgeskeep om tyd in te ruim vir geslagsvoorligting |
| | Geslagsvoorligting maak inbreuk op die privaatheid van die kind | Openlike bespreking van sensitiewe onderwerpe is 'n aanslag op kindwees |
| Christen Ouervereniging (1989:3-17) | Geslagsvoorligting is die ouers se plig | Die gemeenskap moet ouers bewus maak en toe- |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
|---|---|---|
| | | rus vir hulle opvoedingstaak, insluitende geslagsbegeleiding |
| | Skaamtegevoel van die kind word afgebreek | Skugterheid oor geslagsaangeleenthede is vir die kind 'n soort beskerming |
| | Bybelse norme word nie duidelik genoeg aangetoon nie | Bybelse norme is afhanklik van die aanbieder wat nie noodwendig 'n Christelike lewensopvatting huldig nie. |
| | Seksuele gedrag word oordryf | Baie aandag aan seksualiteit lei tot 'n oordrewe bewusmaking van seksuele aange- |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| BRON | KERN VAN ARGUMENT | BESKRYWING |
|---|---|---|
| | | leenthede wat 'n opsesssie daarmee kan veroorsaak |
| | Die wortels van geslagsvoorligting is wêreldwyd deurtrek van Humanisme | Geslagsvoorligting word internasionaal bevorder deur die VVO met onderafdelings UNESCO EN WHO |
| Aksie Morele Standaarde (s.j.) | Morele verval kan by geslagsvoorligting intree | In baie lande het geslagsvoorligting platvloers geraak met klem op die eksplisiete seksdaad |

### 3.4.1 ARGUMENTE AS GRONDE TEEN GESINSVOORLIGTING OP SKOOL

Argumente wat in 3.4 aangetoon is word nou verder gereduseer deur fenomenologiese reduksie. Die fenomenologiese denkstap wat hiervoor aangewend word is skeiding. Die geskeide argument sal die argument helderder



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

laat verskyn, sodoende kan onvoldoende gronde vir gesinsvoorligting op skool aan die lig kom.

<u>GESKEIDE ARGUMENTE</u>

* Geslagsaangeleenthede is privaat en moet deur die ouers wat hulle kinders die beste ken hanteer word.
* Feite alleen oor seksualiteit sal nie lei tot die vermindering van ongewenste seksuele gedrag nie.
* Naakte feite oor seksualiteit sal lei tot eksperimentering daarmee.
* Geslagsvoorligting wat leerlinge op grond van inligting aanmoedig om hulle eie besluite te neem bevorder die humanistiese lewensopvatting.
* Die lewensopvatlike oortuigings aangaande seksualiteit word nie duidelik in programme aangetoon nie.

Dit is duidelik dat die besware teen gesinsvoorligting op skool veral lewensopvatlik van aard is. Aangesien daar beweer word dat die humanistiese lewensopvatting deur programme soos gesinsvoorligting bevorder kan word, sal die humanisme kortliks beskryf word om te sien of die bewerings geldig kan wees.

## 3.5 DIE HUMANISME



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Morris (1979:18) onderskei tussen twee soorte humanisme. Die eerste soort humanisme beteken in die alledaagse lewe doodgewoon om medemenslik of beskaafd teenoor ander op te tree. Die tweede soort humanisme is die humanisme as filosofie. Die humanisme as 'n lewensfilosofie of as 'n lewensopvatting word kortliks verduidelik.

Volgens Roos (1981:27) het die ou Griekse filosowe soos die Phytagoreërs en Sofiste alreeds grondgedagtes van die humanisme geformuleer. Dreyer (1981:37) beweer sekere elemente van die Pythagoriaanse mensbeskouing leef tot vandag toe as aanvaarde beskouings voort.

Die begrip "humanisme" word deur Van Rensburg en Landman (1984:77) omskryf as 'n wêreldbeskouing dat die mens die maatstaf van alle dinge is en dat daar geen bestaan of waarheid is wat nie relatief is ten opsigte van die menslike vermoëns en behoeftes nie.

Die humanisme lê volgens Roos (1981:27-28) klem op die natuurlike wêreldse aspek van menswees en verkondig die gelykheid van alle mense. Vir Roos (1981:28) is die humanisme 'n geloof in die mens as produk van die natuur. Die mens met sy rede is die enigste hoop waarmee hy sy aardse heil kan verseker.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Van der Walt en Postma (1987:26) toon die verskil aan tussen die "ou" humanisme van die twintigste eeu en die "nuwere" humanisme. Waar die "ou" humanisme opvoeding grotendeels gebaseer is op wetenskaplike rasionaliteit, objektiwiteit en amoraliteit bevraagteken die "nuwere" humaniste nou hierdie objektiewe, neutralistiese en positivistiese kennisbeskouing.

Volgens Cronje en Van der Walt (1989:644) beskuldig die VSA-onderwyshumanisme, die bestaande skole in die VSA van 'n geïntellektualiseerd-verengende opvoeding wat verantwoordelik is vir gevoellose denkprosedures. Om hierdie negatiewe verskynsel teen te werk word geëis dat die hele mens opgevoed moet word.

Die "nuwere" humaniste is volgens Van der Walt en Postma (1987:27-33) verbysterd voor die resultate van die wetenskap en die tegnologie wat die aarde toenemend ongeskik vir lewe maak. Die "nuwere" humanis wend hom tot die mens en die mens alleen om die aarde te red. Die mens word gesien as 'n eenheidswese wat weer sy regmatige plek in 'n bedreigde wêreld moet inneem. Klem word geplaas op die self, soos vergestalt in die affek en die wil. Die kind moet onderrig word om vir homself te dink aan die hand van sy eie ervaringe. Leerlinge moet vry gemaak word van vooraf aanvaarde norme en waardes en gelei word tot 'n eie unieke



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

lewensstyl.

Die doel met onderwys is volgens Van der Walt en Postma (1987:35-36) vir die "nuwere" humanisme veral :

- Om eietydse probleme aan die kind bekend te stel.
- Om kinders te leer hoe om die toekoms te hanteer.
- Kinders te lei tot 'n bewustheid van die self en selfverwesenliking.
- Te fokus op menslike eienskappe soos selfbeeld, verantwoordelikheid, aanpasbaarheid, selfvertroue, openheid en sosiale interaksie.
- Kind te lei om 'n beter lid van die samelewing te wees, aanvaarbaarder vir die self en die ander. Opvoeding moet dus lei tot beter verhoudinge met ander.

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die nuwere humanisme menswees verabsoluteer. Die mens het die norm geword van alles wat goed en reg is. Die mens word sentraal geplaas en word sodoende "god".

## 3.6 GEVOLGTREKKING

Indien daar krities na die argumente vir en teen gesinsvoorligting binne skoolverband gekyk word blyk dit in essensie dat ouers, opvoeders en pedagogiekers in wese saamstem dat inligting aangaande hierdie belangrike faset



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

van menswees aan die kind oorgedra moet word.

Die kern van die probleem lê dus nie opgesluit in 'n eenvoudige ja of nee nie maar in die wyse hoe dit gedoen moet word. Dit is dus veral 'n didakties-pedagogiese aangeleentheid met praktiese konsekwensies.

Die Humanistiese begronding van geslagsopvoeding word hoofsaaklik gefundeer in die beginsel van menslike geluk en die kind wat self keuses moet maak, terwyl die Christen die begeleiding tot verantwoordelike seksualiteit fundeer in Bybelse waardes en norme. Die vraag wat hieruit ontstaan handel dus oor die implementering van 'n pedagogies-begronde gesinsvoorligtingprogram.

In die volgende hoofstuk sal aandag gegee word aan die begrondings vraagstuk van gesinsvoorligting en die betekenis daarvan vir die onderwyspraktyk.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

3.7 **BRONNELYS**


AKSIE MORELE STANDAARDE (Ongedateerd) : **Memorandum insake Seksvoorligting as vak op skool.** Verwoerdburg.

BROWN, R M (1987) : **Sex Education, Concerns and Attitudes.** Paper presented at the Annual Meeting of the North Carolina Association for Research in Education, March 5-6. (Raad vir geesteswetenskaplike navorsing, Eric document 279 967).

CASSELL, C en WILSON, M (1989) : **Sexuality Education.** New York : Garland Publishing, Inc.

CHAMBERS, C (1977) : **The Siecus Circle, a Humanist revolution.** Belmont : Western Islands.

CHANTER, A G (1966) : **Sex Education in the Primary school.** London : Macmillan.

CHRISTEN OUERVERENIGING (1989) : **Die anneksasie van ons kinders.** Pretoria : C.O.V.

CRONJE, C P en VAN DER WALT J L (1989) : Versoening van breër en enger skooldoelstellings na aanleiding van die VSA-onderwyshumanisme. **S.-Afr. Tydskr.**




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

**Opvoedk.** 9(4):644.

DAWKINS, J (1967) : **A Textbook of Sex Education.** Oxford : A.R. Mowbray & Co. Ltd.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE GESINDHEID EN BEVOLKINGS-ONTWIKKELING (1987) : **Die feite van seksualiteit.** Pretoria.

HAIMS, L J (1973) : **Sex Education and the public school.** Lexington : Lexington books.

HOTTOIS, J en MILNER, N A (1975) : **The Sex Education Controversy.** Lexington : Lexington books.

HORRY COUNTY BOARD OF EDUCATION (1989) : **AIDS Education Curriculum Guide.** Conway, S.C. : South Carolina State Dept. of Education. (RGN, Eric document, 313 570).

JULIAN, C J en JACKSON, E N (1972) : **Modern Sex Education.** New York : Halt, Rinehart and Winston, Inc.

MORRIS, B M (1979) : **Change Agents in the Schools.**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Bullsbrook : Veritas Publishing Company Pty. Ltd.

MONTGOMERY COUNTY PUBLIC SCHOOL (1985) : **Family Life and Human Development.** Rockville, Md. : Classroom Guides. (RGN, Eric document, 266 383).

NEW YORK CITY BOARD OF EDUCATION (1985) : **Family Living Including Sex Education.** Brooklyn, N.Y. : Div. of Curriculum and Instruction. (RGN, Eric document, 286 127).

PATE, D J en KNIGHT, S (1985) : **Teenage Pregnancy and Primary Prevention : New Approaches to an old Problem.** Washington DC : Paper presented at the Annual Meeting of the American Public Health Association, November 17-21. (RGN, Eric document, 270 694).

PLANNED PARENTHOOD FEDERATION OF AMERICA (1986) : **First Facts.** A Manual for Sexuality Educators. New York : New York Education Dept. (RGN, Eric document, 271 647).

POWERS, G P en BASKIN, W (1969) : **Sex Education in a changing culture.** London : Peter Owen.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

ROOS, S G (1981) : **Geestelike weerbaarheid teen ideologiese terrorisme.** Pretoria : NG Kerkboekhandel.

STEINBACHER, J (1971) : **The Child Seducers.** Anaheim : Educator Publications.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1988) : **Gesinsvoorligtingprogram,** Omsendminute 87 van 88. Pretoria : TOD.

VAN DER WALT, J L en POSTMA, W (1987) : **Strominge in die Opvoedingsteorie, 2.** Owen Burgess Publishers.

VAN RENEN, A (1990) : Hoog tyd vir seks-onderrig op skool. **Die Voorligter,** deel 53, nommer 9:7-9.

VAN ROOYEN, L (1987) : **Die beplanning van 'n opleidingsprogram vir onderwysers in gesinsvoorligting.** Philosophiae Doctor. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

WALLIS, J M (1984) : **Chaos in the classroom.** Bullsbrook : Veritas Publishing Company Pty. Ltd.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

WALLIS, J M (1986) : **The Disaster road.** Bullsbrook : Veritas Publishing Company Pty. Ltd.

WENT, D (1985) : **Sex Education some guidelines for teachers.** London : Bell & Hyman Ltd.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

# HOOFSTUK 4

# 'N FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIESE BEGRONDING VAN GESINS - VOORLIGTING OP SKOOL

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan die Gesinsvoorligtingprogram in die primêre skool van die Transvaalse Onderwysdepartement Fundamenteel-pedagogies begrond word, aan die hand van fundamenteel-pedagogiese essensies.

Die vraag wat vir die begronding van gesinsvoorligting op skool van belang kan wees is : Wat beteken kindwees of wat is 'n verantwoordbare kindbeeld ? Aangesien die beeld wat die mens van die kind het, rigtinggewind kan wees vir die wyse waarop hulp aan 'n kind gegee word of nie gegee word nie. Voordat 'n verantwoordbare kindbeeld aangetoon word, word daar eers 'n kort historiese perspektief van kindbeeld beskryf.

## 4.2 HISTORIESE PERSPEKTIEF OP KINDBEELD

Du Plooy, Griesel en Oberholzer (1982:40-41) is van mening dat daar 'n noue ooreenkoms is tussen mensbeskouing, kindbeeld en opvoeding. Die wyse waarop kinders opgevoed word weerspieël oortuigings aangaande die mensbeskouing en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

menslike roeping. Daarom het opvoeding noue ooreenkoms met kindbeeld of siening van kinders. Kinders word dus opgevoed soos wat volwassenes kinders beskou.

Volgens Du Plooy, Griesel en Oberholzer (1982:42) het die vroeë Grieke kindwees gesien as 'n tydperk wat vinnig moes verby gaan aangesien ware menslike bestaan eers met volwassenheid bereik word. Coetzee (1977:33) beweer die Griek wou goed lewe, om dit te bereik is kennis nodig. Die goeie mens is ook die goeie burger. Hiermee word die staatkundige ideaal die hoogste ideaal. Opgroei tot goeie staatsburger om sodoende in te groei in die groter verband was die ideaal. Die gevolg hiervan was 'n onnatuurlike groepslewe. Die kind is dus gesien as middel tot 'n doel.

Die Romeinse volk was volgens Pistorius (1982:65) behep met die praktiese. Vandaar die ontwikkeling van 'n groot en magtige ryk wat groot organisasie en instellings geverg het. Daarom was die Romeinse opvoedingsideaal volgens Coetzee (1977:34) staatkundig. Praktiese bekwaamheid vir die uitvoering van pligte is beklemtoon. Kindwees as wyse van menslike bestaan het weinig aandag geniet.

Coetzee (1977:107-110) beskryf die middeleeue as 'n tydperk van afbreking. Die Germaanse barbare het oor die hele Romeinse gebied gespoel en alles het ineengestort, behalwe



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

die Christelike kerk. In die tyd waar die kerk die enigste ligdraer in 'n donker tyd was, is die doel met opvoeding sedelik godsdienstig van aard. Die kind moes voorberei word vir die ewige saligheid. Pistorius (1982:92) wys daarop dat die mens gesien is as 'n bywoner op die aarde. Opleiding vir die tydelike behoeftes het min aandag ontvang.

Vir Coetzee (1977:144) is die Renaissance 'n tydperk van kragtige innerlike drang na groter, vryer en voller persoonlike lewens. Gedurende die tydperk het die mens hom meer bepaal by die tydelike en wêreldlike bestaan van die mens. Die ideaal van louter menswees het lynreg te staan gekom teenoor die bo-menslike. Pistorius (1982:108) sien die Renaissance as 'n tydperk waar die individu meer aandag kry en aardse geluk word hoofsaak. Met hierdie siening het die kind in die sentrum van die opvoeding te staan gekom. Vir die eerste keer word die kind met sy besondere aard erken.

Die Humanisties - Naturalistiese onderwys en opvoeding van die twintigste eeu word deur Coetzee (1977:319) beskryf as 'n voortdurende aanpassing van die mens by 'n snel veranderende sameleweing. Die kind word gesien as 'n produk van ontwikkeling en ewolusie, daarom is opvoeding 'n proses van groei en ontwikkeling. Die kind word vir die hele lewe opgevoed as mens waar daar groot eerbied bestaan vir die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

kind as indiwidu en as gemeenskapswese. Aanpassing en inpassing in die gemeenskap word as belangrik beskou. Alle leerinhoud word dus suiwer wêreldlik en die kom uit die natuur.

Pistorius (1982:218-220) beweer die twintigste eeu se naturalistiese lewensopvatting word gekenmerk deur 'n antroposentrisme met ander woorde die mens is die middelpunt. Baie word van menseregte gemaak en weinig van plig en verantwoordelikheid. Daarom is die opvoeding ook pedosentries dit wil sê kindgerig. Die horisontale vlak word verhef as die enigste menslike milieu. Die sosiale vlak en menslike verhoudinge word hiervolgens baie belangrik geag. Baie waarde word aan die stoflike geheg, wat meebring dat arbeid en besittings al is wat sin aan die lewe moet gee.

Die positivistiese aard die naturalistiese benadering veroorsaak volgens Pistorius (1982:119) dat baie belang gestel word in die waarneembare feite. Groot waarde word geheg aan statistiese ondersoeke en die kind word maklik herlei tot 'n syfer.

Die Naturalistiese lewensopvatting het volgens Pistorius (1982:219) ook 'n geheel siening op die wêreld en streef na die gelykmaking van nasies en enkelinge. Eie identiteit



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

word hiermee ondergeskik gestel aan die groter geheel.

Pistorius (1982:220) wys ook daarop dat praktiese nut en bruikbaarheid tot belangrike kriteria verhef word. Dit bring mee dat doeltreffendheid wat steeds hoër eise aan die mens stel as die hoogste ideaal beskou word. Klem word op prestasie geplaas terwyl die persoonlikheid van die kind skade lei.

## 4.3 ANTROPOLOGIES - PEDAGOGIESE KINDBEELD

Volgens Van Rensburg en Landman (1984:13) is die antropologiese pedagogiek 'n poging om die spesifiek menslike van die opvoeding te beklemtoon. Hierdie benaming tref 'n onderskeid tussen die menskundige benadering en 'n naturalistiese benadering tot die pedagogiek.

De Beer (1982:51) toon aan hoedat daar met die draai van die 20ste eeu 'n verskuiwing teen die materialisme, positiwisme en scientisme gekom het. Cronje (1970:99) sê die pedagogiese is integraal gemoeid met die sentrale wysgerige vraag, wat gedoen moet word ten einde as mens gereken te word. Opvoeding is by uitstek 'n menslike aangeleentheid. Die kind word nie 'n mens nie, maar is volledig mens-as-kind. As mens is die menslike van die mens in die kind aanwesig. Volgens Cronje (1970:99) is die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

mens geen loutere so-moet-wees-nie, maar 'n anders-kan-word vanweë 'n anders-moet-word in die lig van 'n anders-behoort-te-word. Dus is die pedagogiese 'n antropologiese aangeleentheid.

Hieruit kan afgelei word dat 'n naturalistiese benadering tot die kind nie sal uitkom by die menslike van die kind nie, maar verval in 'n liggaam- sonder-meer. Cronje (1970:97) beweer daar is diegene wat die mens wil verontmenslik, vernaturaliseer, verscientifiseer, verskematiseer en vernihiliseer deur die mens te vereksperimentaliseer, verpsigologiseer, verbiologiseer en versosiologiseer.

Die fundamenteel-pedagogiese strukture soos uiteengesit deur Landman, Mentz, Roos en Möller (1984:9) naamlik : Verhouding-, verloop-, bedrywigheid-, doel- en lewensopvattingstrukture met hulle essensies van opvoeding, gee 'n verantwoordbare beeld van die kind-in-opvoeding.

Die fundamenteel-pedagogiese bedrywigheidstruktuur sal uitgelig word om 'n antropologies pedagogiese kindbeeld aan te toon. Dit is aan hierdie kindbeeld of verwagtings van wat die kind moet wees, waaraan die skool hulp behoort te verleen.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Landman, Barnard, Gerber, Roos, Van der Westhuizen en Smit (1978:115-129) beskryf die kind-in-opvoedingsbedrywighede as :

- **Betekening-met-toenemende-verantwoordelikheid.** Dit beteken ervaring-met-steungewing.
- **Geleidelike-wegbreek-van-inspanningloosheid.** Die kind breek dus geleidelik weg van die spanninglose om nader te beweeg aan inspanning.
- **Genormeerde voor-en-nalewing.** Die kind streef na dit wat behoort te wees.
- **Pedagogiese-waag-met-mekaar.** Geen mens is volwaardig mens sonder ander mense nie.
- **Dankbaarheid-vir-pedagogiese-geborgenheid.** Kind soek geborgenheid en is dankbaar as hy dit beleef.
- **Aanspreeklikheid-vir-opvoedingsverhoudinge.** Beide die steungewer en kind is verplig tot die stig van verhoudinge en is aanspreeklik vir die behoorlike tot stand kom daarvan.
- **Hoop-op-toekomstige-volwassenheid.** Die kind hunker na die grootmenswêreld.
- **Ontwerp-van-moontlikhede-tot-volwassenheid.** Elke mens is moontlikheid wat ontwerp moet word.
- **Geleidelike-vervulling-van-bestemmimg.** Die mens is nie net nie maar word steeds wat hy behoort te word en waarvoor hy bestem is.
- **Toenemende-agting-vir-menswaardigheid.** Agting en be-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

agting is spesifiek menslike wyses van bestaan.

- **Volwassenheid-deur-toenemende-selfbegryping.** Selfbegryping is slegs moontlik in die saamwees-met-ander. Dit is 'n begryping van eie moontlikhede en tekortkominge.
- **Verowering-van-vryheid-tot-verantwoordelikheid.** Op grond van die mens se vryheid kan hy kies en is daarom verantwoordelik vir sy dade.

Du Plooy en Kilian (1982:115-118) is van mening dat die mens basies 'n religieuse wese is. Opvoeders en ouers is baie bewus hiervan en voed hulle kinders op volgens hulle diepste oortuigings en opvattings. Landman (1981:281) is van mening dat indien die godsdienstige vorming van die kind nagelaat of verwaarloos word, daar sprake van gebrekkige opvoeding is, dus 'n belemmering op die kind se pad na volwassewording. Aangesien religiositeit 'n universeel menslike verskynsel is waaraan die kind nood het, ontstaan die vraag of religiositeit nie ook beskou kan word as 'n Fundamenteel-pedagogiese bedrywigheidsessensie nie.

- **Religiositeit.** Die mens lewe volgens sekere partikulier godsdienstige waardes en norme, aan die hand waarvan hy sin en betekenis vir sy lewe vind.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Die Fundamenteel-pedagogiese strukture met hul essensies in sinsamehangende verband is vir Landman, Roos en Liebenberg (1975:13) die moontlikheidsvoorwaardes of gronde vir opvoeding. Dit sal dus ook vir gesinsvoorligting op skool gronde vir opvoeding wees, aangesien gesinsvoorligting op skool by uitstek 'n opvoedingsaangeleentheid is.

## 4.4 ESSENSIES VAN DIE TOD SE GESINSVOORLIGTINGPROGRAM IN DIE PRIMêRE SKOOL

Om ondersoek in te stel of die Gesinsvoorligtingprogram van die TOD in die primêre skool voldoende pedagogies begrond is , word die essensies van die Gesinsvoorligtingprogram gesinteseer met die essensies van die Fundamenteel-pedagogiese bedrywigheidstruktuur. Uit die sintese sal gevolgtrekkings gemaak word vir die onderwyspraktyk.

Daar word nou oorgegaan tot die opstel van 'n essensietabel van die TOD se Gesinsvoorligtingprogram soos dit navore kom in Hoofstuk 2. Aangesien die fenomenologiese metode die weg tot essensie-openbaring is, sal die fenomenologiese middel "wegdink" aangewend word om te verseker dat elke essensie wat genoem word, wel 'n essensie van die gesinsvoorligtingprogram is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| **ESSENSIES VAN GESINSVOORLIGTING MET DEFINISIE** | **WEGDINK-HANDELING** |
|---|---|
| 1. GESINS EN HUWELIKSVERRYKEND<br><br>Die gesin soos dit funksioneer in die huwelik word bevorder. | Die benaming van die program en inhoud beklemtoon 'n eg menslike wyse van leef wat onweg-dinkbaar is. |
| 2. OUER EN LEERLINGBEHOEFTES<br><br>Die gemeenskap, ouers en leer-linge het behoefte aan hulp aangaande 'n gesonde gesins-lewe. | Gesinsvoorligting van die TOD is ge-baseer op behoeftes van die gemeenskap, ouers en leerlinge. Dit kan dus nie weg-gedink word nie. |
| 3. PROFESSIONELE STEUNGEWING<br>Personeel wat deeglik opgelei is mag steun gee. | Slegs opgeleide en geselekteerde per-soneel mag die program aanbied. Professionaliteit is voorwaarde vir kundige en verant-woordbare begelei- |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| ESSENSIES VAN GESINSVOORLIGTING MET DEFINISIE | WEGDINK-HANDELING |
|---|---|
| | ding. |
| 4. ONTSLUITING VAN FEITLIKHEDE<br><br>Korrekte feite en begrippe word noodsaaklik geag. | Sonder feitlike kennis word fabels en verdigsels aanvaar as waarheid en standpuntineming word gemanipuleer. |
| 5. AANVAARDING VAN SEKSUALITEIT AS DEEL VAN MENSWEES<br><br>Positiewe identifisering met eie geslagsrol is noodsaaklik. | Ontkenning van geslagtelikheid inhibeer egte menslikheid wat slegs tot volle ontplooïng kan kom deur die belewing van manlikheid / vroulikheid. |
| 6. TOEREIKENDE VERHOUDINGSTIGTING<br><br>Agting en waardering vir ouers, eie en die teenoorgestelde | Medemenslikheid as 'n antropologiese ontisiteit word verwerklik in aangesig |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| **ESSENSIES VAN GESINSVOORLIGTING MET DEFINISIE** | **WEGDINK-HANDELING** |
|---|---|
| geslag word aangemoedig. | tot aangesig verhoudinge. Sonder 'n pedagogiese ontmoeting waar wedersydse verantwoordelikheid aanvaar word vir die eie en ander se digniteit kan geslagsvoorligting nie slaag nie. |
| 7. UNIEKHEID VAN MENSWEES<br><br>Uniekheid as persoon, geslag en as lid van 'n gesin te besef. | Ontkenning van Individueelheid lei tot verdingliking van die mens. Geslagsopvoeding sal dan die mens onvorm tot 'n massa produk van seksbeoefening. |
| 8. VERANTWOORDBARE LEWENSKEUSES | Keusemoontlikheid dui op wilsvryheid. |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| **ESSENSIES VAN GESINSVOORLIGTING MET DEFINISIE** | **WEGDINK-HANDELING** |
|---|---|
| Lewenskeuses met die oog op sinvolheid van bestaan. | Sonder toereikende begeleiding tot keuseweerbaarheid sal wilsbesluite uitgelewer word aan 'n drif en drang-gedrewenheid. |
| 9. VERANTWOORDELIKE GEDRAG<br><br>Verantwoordelikheid ten opsigte van 'n gesonde geslagtelikheid. | Drif en drangge-drewendheid ver-duister egte mens-likheid. Handelinge ooreenkomstig die normatiewe is dus onwegdinkbaar vir egte geslags-opvoeding. |
| 10. LEWENSOPVATLIK-GEFUNDEERD<br><br>Gesins en geslagsvoorligting behoort aan die hand van | Lewensopvatlike norme dien as lewe-wekkende krag tydens die praktykwording |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| | |
|---|---|
| Bybelse waardes en norme aangebied te word. | van geslagsvoorligtingprogramme. Sonder hierdie inkleding verval sodanige begeleiding in neutraal globalistiese humanisme |

### 4.5 'N SINTESE TUSSEN ESSENSIES VAN DIE TOD SE GESINSVOORLIGTINGPROGRAM EN DIE FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIESE BEDRYWIGHEIDSESSENSIES

Die sintese tussen die essensies van die TOD se gesinsvoorligtingprogram en die Fundamenteel- pedagogiese bedrywigheidsessensies word in tabelvorm aangedui. Daar sal eksemplaries te werk gegaan word sodat die wesenlike duidelik navore gebring kan word.

| **FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIESE BEDRYWIGHEIDSESSENSIE** | **GESINSVOORLIGTING-ESSENSIE** |
|---|---|
| 1. BETEKENING | 1. ONTSLUITING VAN FEITLIKHEDE |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| **FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIESE BEDRYWIGHEIDSESSENSIE** | **GESINSVOORLIGTING-ESSENSIE** |
|---|---|

SINTESE

Hulp met betekenisgewing aan begrippe soos puberteit, bevrugting, geboorte, gesin en huwelik word verleen.

| 2. GENORMEERDHEID | 2. BYBELS-GENORMEERD |
|---|---|

SINTESE

Bybelse norme is deurgaans 'n doelstelling wat in die praktiese lesse neerslag

| 3. AANSPREEKLIKHEID | 3. AANVAARDING VAN SEKSUALITEIT AS DEEL VAN MENSWEES |
|---|---|

SINTESE

Die kind leer om sy seun- of dogterwees positief te aanvaar.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| **FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIESE BEDRYWIGHEIDSESSENSIE** | **GESINSVOORLIGTING-ESSENSIE** |
|---|---|
| 4. HOOP | 4. GESINS EN HUWELIKS-VERRYKEND |

SINTESE

Die hoop op 'n toekomstige huweliksmaat en die stig van 'n eie gelukkige gesin word gevestig.

| | |
|---|---|
| 5. ONTWERP | 5.PROFESSIONELE STEUN-GEWING |

SINTESE

Opgeleide personeel help die kind om sy moontlikhede- tot geslagtelike volwassenheid te verwesenlik.

| | |
|---|---|
| 6. AGTING | 6. TOEREIKENDE VERHOUDINGSTIGTING |

SINTESE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| **FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIESE BEDRYWIGHEIDSESSENSIE** | **GESINSVOORLIGTING-ESSENSIE** |
|---|---|

**Die kind word onder die besef gebring hy is 'n verhoudingswese en die verantwoordelikhede soos agting, respek, eerlikheid, vertroue, omgee en lojaliteit wat daarmee gepaard gaan word bygebring.**

| 7. SELFBEGRYPING | 7. UNIEKHEID VAN MENSWEES |
|---|---|

SINTESE

**Die kind word geleer om homself as seun of dogter, as lid van 'n gesin, en anders as alle ander mense te aanvaar.**

| 8. BESTEMMING | 8. VERANTWOORDBARE LEWENSKEUSES |
|---|---|

SINTESE

**Die gesinsvoorligter help die kind om verantwoordelike lewensbesluite te neem sodat hy dit kan word waarvoor hy bestem is.**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| **FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIESE BEDRYWIGHEIDSESSENSIE** | **GESINSVOORLIGTING-ESSENSIE** |
| --- | --- |
| 9. VRYHEID | 9. VERANTWOORDELIKE GEDRAG |

SINTESE

Leerlinge word onder die diepe besef gebring van die groot verantwoordelikheid wat geslagswording meebring.

| | |
| --- | --- |
| 10. RELIGIOSITEIT | 10. BYBELS-GENORMEERD |

SINTESE

**Die hele program se doel en inhoud wil die leerling onder die besef bring van die wonder van God se skepping en Sy wil vir die mens se lewe.**

## 4.6 GEVOLGTREKKING VIR DIE ONDERWYSPRAKTYK

Uit die sintese tussen die Fundamenteel-pedagogiese bedrywigheidsessensies en die Gesinsvoorligtingessensies



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

van die TOD is dit duidelik dat die Gesinsvoorligting-program van die TOD vir die primêre skool voldoende Fundamenteel-pedagogies begrond is. Uit hoofstuk 3 het dit aan die lig gekom dat gesinsvoorligting veral 'n didakties-pedagogiese aangeleentheid is met praktiese konsekwensies.

Om behoorlike opvoeding te laat plaasvind is 'n Fundamenteel-pedagogies begronde onderwyspraktyk nood-saaklik. Die begronding van die program moet dus ook in die praktyk realiseer. Wanneer daar na 'n bepaalde onderwys-praktyk gekyk word, raak die lewensopvatting van die bepaalde gemeenskap van belang. Vervolgens sal daar stil-gestaan word by 'n lewensopvatlike inspraak vir die onderwyspraktyk.

### 4.6.1 LEWENSOPVATLIKE INSPRAAK VIR 'N ONDERWYSPAKTYK

Omdat die kinderlike bestaan 'n bepaalde bestaanswyse word, moet die kind volgens De Jager, Oberholzer en Landman (1985:46) doelbewus ingelyf word in 'n bepaalde kultuur-verband en kultuurgemeenskap.

Lewensopvatting word deur Landman, Roos en Mentz (1979:117-118) beskryf as lewenswaardes of behoorlikheidseise wat die individu sy eie gemaak het. Dit impliseer dat so 'n individu deur die waardes aangegryp of daardeur gevat is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Al is 'n lewensopvatting 'n partikuliere aangeleentheid, maak diegene wat dit huldig daarop aanspraak dat hulle lewensopvatting dié lewensopvatting is. Dit sal belangrik wees om die verband tussen lewensopvatting en 'n gesins - voorligtingpraktyk aan te dui, aangesien 'n kultuurgemeenskap deur sy lewensopvatting aangespreek word wat hy deur die opvoeding vir sy kinders verlang.

Van der Walt en Dekker (1983:181) is van mening dat kinders 'n eie lewensopvatting ontwikkel onder leiding van hul ouers en onderwysers, wat die kind moet help om 'n stewige basis te verkry waarop hulle verder kan voortbou. Die beginsels van waaruit 'n mens leef, is die dryfkrag van sy handelinge en dit bepaal watter soort kultuur hy tot stand bring.

Opvoeding is vir De Vries, Basson en Steyn (1986:11-13) in werklikheid niks anders as die oordrag van kultuur nie. Sinvolle kinderbegeleiding is onlosmaaklik met waardes van 'n partikuliere kultuurgroep gemoeid. Die rangorde van waardes is bepalend in die lewe van keuses en handelinge van die individu of gemeenskap.

Die gevolgtrekking wat De Vries e.a. (1986:19) maak, is dat hoewel die neiging bestaan om die wetenskap as 'n waarde - vrye gebied te beskou, 'n "waarde - neutrale" studie ten



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

opsigte van die opvoedingsverskynsel nie moontlik is nie.

Dit beteken nie dat die studie waardevoorskrywend wil wees nie, maar slegs waarde beskrywend as 'n erkenning van die pedagogiese kriteria : Opeisend (raaksien van behoorlik - heidseise).

Vir 'n Fundamenteel-pedagogiese begronding om van waarde te wees vir die onderwyser in die praktyk van 'n Christelike skool, sal dit nodig wees om die noodsaaklikheid van Bybels gefundeerde waardes vir 'n gesinsvoorligtingprogram aan te toon.

De Jager e.a. (1985:74-76) stel dit so dat 'n algemeen geldige pedagogiese essensie in verband gebring word met 'n ooreenstemmende partikuliere eie - lewensopvattingessensie, wat as lewegewende inhoud kan dien. Praktyk is dan 'n sintese van algemeen geldige en partikulier geldige pedagogiese essensies. Wanneer dit gebeur het die essensie vir 'n bepaalde opvoeder beginsel geword.

### 4.6.2 BETEKENIS VAN 'N FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIES BEGRONDE GESINSVOORLIGTINGPROGRAM VIR DIE ONDERWYSPRAKTYK

Die sintese wat onder punt 4.5 gemaak is tussen Fundamenteel-pedagogiese bedrywigheidsessensies en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Gesinsvoorligtingessensies se betekenis vir die onderwyspraktyk word nou in tabelvorm aangetoon. In die eerste kolom sal die sintese van punt 4.5 aangetoon en in die tweede kolom die betekenis vir 'n Bybels gefundeerde gesinsvoorligtingpraktyk, waaruit 'n gevolgtrekking gemaak word.

| **FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIES BEGRONDE GESINSVOORLIGTING-PROGRAM** | **BETEKENIS VIR 'N BYBELS-GEFUNDEERDE GESINSVOORLIGTING-PRAKTYK** |
|---|---|
| 1. Hulp met betekenisgewing aan begrippe soos puberteit, bevrugting, geboorte, gesin en huwelik word verleen. | 1. Hulle is soos verstandlose diere : al waarvan hulle kennis het, is hulle natuurlike drange, en juis dit is hulle ondergang (Judas : 10). |

<u>GEVOLGTREKKING</u>

Die gesinsvoorligter behoort nie net neutrale feite te stel nie, maar in die lig van Bybelse uitsprake en op die wordingsvlak van die kind. Hiermee moet verseker word dat die kind rég verstaan.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIES BEGRONDE GESINSVOORLIGTING-PROGRAM | BETEKENIS VIR 'N BYBELS-GEFUNDEERDE GESINSVOORLIGTING-PRAKTYK |
| --- | --- |
| 2. Bybelse norme is deurgaans 'n doelstelling wat in die praktiese lesse neerslag vind. | 2. Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou ? Deur hom te hou aan u Woord ! (Ps 119:9). |

GEVOLGTREKKING

Die Bybelse leiding oor seksualiteit behoort in gesinsvoorligting geonderrig en geleer te word tot egte lewenstoerusting.

| | |
| --- | --- |
| 3. Die kind leer om sy seun- of dogterwees positief te aanvaar. | 3. Maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil (Ef 6:4). |

GEVOLGTREKKING

Die gesinsvoorligter wat die leerlinge begelei soos die Here dit wil, sal eerbied afdwing wat nagevolg kan word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIES BEGRONDE GESINSVOORLIGTING-PROGRAM | BETEKENIS VIR 'N BYBELS-GEFUNDEERDE GESINSVOORLIGTING-PRAKTYK |
| --- | --- |
| 4. Die hoop op 'n toekomstige huweliksmaat en die stig van 'n eie gelukkige gesin word gevestig. | 4. Maar weens die gevare van onsedelikheid behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man (1 Kor 7:2). |

GEVOLGTREKKING

Die gesinsvoorligter behoort leerlinge daarop te wys, dat die hoop op toekomsgeluk lê in verantwoordelikheid tot seksualiteit, wat kulmineer in 'n huwelik tussen 'n man en 'n vrou.

| | |
| --- | --- |
| 5. Opgeleide personeel help die kind om sy moont-likhede- tot geslagtelike volwassenheid te verwerklik. | 5. Op ons wat sterk is in die geloof, rus die ver-pligting om die swakhede te verdra van die wat nie sterk is nie (Rom 15:1). |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| **FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIES BEGRONDE GESINSVOORLIGTING-PROGRAM** | **BETEKENIS VIR 'N BYBELS-GEFUNDEERDE GESINSVOORLIGTING-PRAKTYK** |
|---|---|

GEVOLGTREKKING

Die gesinsvoorligter behoort in staat te wees om in die lig van eie geloofsekerheid die kind te help tot behoorlike geslagtelike volwassenheid.

| | |
|---|---|
| 6. Die kind word onder die besef gebring hy is 'n verhoudingswese en die verantwoordelikhede soos agting, respek, eerlikheid, vertroue, omgee en lojaliteit wat daarmee gepaard gaan word bygebring. | 6. Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander (Fil 2:3-4). |

GEVOLGTREKKING

Die gesinsvoorligter behoort die leerlinge in die lig van die Bybel te leer hoe om op te tree teenoor die eie sowel



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

as die teenoorgestelde geslag.

| | |
| --- | --- |
| 7. Die kind word geleer om homself as seun of as dogter, as lid van 'n gesin en anders as alle ander mense te aanvaar. | 7. God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep (Gen 1:27).<br><br>Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne (Jes 43:1). |

GEVOLGTREKKING

Die leerlinge behoort te besef dat God hulle elkeen uniek geskape het, daarom is hulle kosbaar en mag niemand hulle minag nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

| FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIES BEGRONDE GESINSVOORLIGTING-PROGRAM | BETEKENIS VIR 'N BYBELS-GEFUNDEERDE GESINSVOORLIGTING-PRAKTYK |
| --- | --- |
| 8. Die gesinsvoorligter help die kind om verantwoordelike lewensbesluite te neem sodat hy kan word waarvoor hy bestem is om te wees. | 8. Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde.. ....(Gen 1:28). |

<u>GEVOLGTREKKING</u>

Gesinsvoorligting behoort nie die seksualiteit van die mens eensydig te beklemtoon nie, maar behoort dit in verband te stel met die mens se geroepenheid tot 'n kultuurtaak, wat insluit : Keuses oor die huwelik (lewensmaat), arbeid (beroep) en geloof (verhouding met God).

| | |
| --- | --- |
| 9. Leerlinge word onder die diepe besef gebring van die groot verantwoordelikheid wat geslagsrypwording meebring. | 9. Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

(Gal 5:13).

GEVOLGTREKKING

Die gesinsvoorligter behoort die leerlinge te laat besef, verantwoordelike seksualiteit binne Bybelse riglyne, bring bevryding van gevare soos vigs en ongewenste swangerskappe en is die weg tot 'n ware gelukkige bestaan.

| | |
| --- | --- |
| 10. Die hele program se doel en inhoud wil die leerling onder die besef bring van die wonder van God se skepping en Sy wil vir die mens se lewe. | 10. As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het, wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien ? |

GEVOLGTREKKING

Gesinsvoorligting wat sensitiewe onderwerpe aangaande



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

seksualiteit insluit, behoort in 'n Christelike skool die lig en leiding van die Bybel te soek.

## 4.7 SAMEVATTING

In hoofstuk 4 is die antropologies pedagogiese kindbeeld soos dit navore kom in die Fundamenteel-pedagogiese berywigheidstruktuur aangewend as kriteria om te bepaal of die TOD se Gesinsvoorligtingprogram voldoende pedagogies begrond is.

Uit die sintese wat gemaak is tussen die Fundamenteel-pedagogiese berywigheidsstruktuur en die essensies van die TOD se gesinsvoorligtingprogram het dit duidelik aan die lig gekom dat die gesinsvoorligtingprogram wel deeglik Fundamenteel-pedagogies begrond is. Dit het egter vir die gesinsvoorligtingpraktyk belangrike konsekwensies wat deeglik in ag geneem moet word.

In die laaste hoofstuk gaan die bevindings en gevolgtrekkings van hoofstukke 1-4 aangetoon word. Laastens sal aanbevelings gemaak word. Aanbevelings word aan die hand van die essensies van Gesinsvoorligting en die sintese wat gemaak is met die Fundamenteel-pedagogiese bedrywigheidsessensies gemaak.  Die aanbevelings sal gemaak word met die oog op die verbetering van die gesinsvoor-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

ligtingpraktyk en die opleiding van onderwysers.

## 4.8 BRONNELYS

COETZEE, J C (1977) : **Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde.** Johannesburg : Perskor Boekdrukkery.

CRONJE, G (1970) : **Die wysgerige antropologie en die menswetenskappe.** Pretoria : J.L. van Schaik.

DE BEER, G J (1982) : **Kernaantekeninge oor afdelings in kursus wysgerige antropologie.** Universiteit van Pretoria. Departement Wysbegeerte : U.P.

DE JAGER, P L, OBERHOLZER, M O en LANDMAN, W A (1985) : **Fundamentele Pedagogiek : Wetenskap, Inhoud en praktyk.** Pretoria : NG Kerkboekhandel Transvaal.

DE VRIES, C G, BASSON, A J en STEYN, J C (1986) : **Aktuale temas in die Fundamentele Opvoedkunde.** Durban : Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk.

DIE BYBEL (1983) : Nuwe vertaling.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

DU PLOOY, J L, GRIESEL, G J en OBERHOLZER, M O (1982) : **Fundamental pedagogics for advanced students.** Pretoria : Haum.

DU PLOOY, J L en KILIAN, C J G (1982) : **Fundamentele pedagogiek : 'n Inleiding.** Pretoria : Haum.

LANDMAN, W A (1981) : **Kind en skool.** Pretoria : NG Kerk-boekhandel Transvaal.

LANDMAN, W A, BARNARD, F, GERBER, A E, ROOS, S G, VAN DER WESTHUIZEN, G J en SMIT, R J (1978) : **Opvoedkunde vir onderwysstudente.** Stellenbosch : Universiteitsuitgewers en boekhandelaars (Edms) Bpk.

LANDMAN, W A, MENTZ, N J, ROOS, S G en MöLLER, T (1982) : **Fundamentele pedagogiek en lesgee.** Durban : Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk.

LANDMAN, W A, ROOS, S G en LIEBENBERG, B A (1975) : **Opvoedkunde en opvoedingsleer vir beginners.** Stellenbosch : Universiteitsuitgewers en boek-handelaars (Edms) Bpk.

LANDMAN, W A, ROOS, S G en MENTZ, N J (1979) :



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

**Fundamentele pedagogiek, leerwyses en vak-onderrig.** Durban : Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk.

PISTORIUS, P (1982) : **Gister en vandag in die opvoedkunde.** Potchefstroom : Pro Rege.

VAN DER WALT, J L en DEKKER, E I (1983) : **Fundamentele opvoedkunde vir onderwysstudente.** Potchefstroom : Promedia-publikasies.

VAN RENSBURG, C J J en LANDMAN, W A (1984) : **Fundamenteel-pedagogiese begripsverklaringe - 'n Inleidende oriëntering.** Pretoria : NG Kerk-boekhandel.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

## HOOFSTUK 5

## BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VIR GESINSVOORLIGTING EN ONDEWYSERSOPLEIDING VAN DIE TOD IN DIE PRIMêRE SKOOL

### 5.1 INLEIDING

Die pedagoog met 'n professionele ingesteldheid teenoor die onderwyspraktyk behoort voortdurend besig te wees met die vraag : Is die onderwyspraktyk waarmee hy besig is pedagogies verantwoordbaar ? Om hierop 'n antwoord te vind, moet gekyk word waarin 'n bepaalde onderwyspraktyk begrond of gefundeer is. Die fundering of die begronding vraagstuk, behoort duidelik rigting aan die onderwyspraktyk te gee. In hoofstuk 4 het die begrondings vraagstuk duidelik geword.

In hoofstuk 1 is as hipotese gestel dat gesinsvoorligting Fundamenteel-pedagogies begrond kan word. Aangesien gesinsvoorligting op skool 'n opvoedingsaangeleentheid is, is dit noodsaaklik vir die pedagoog om te verseker dat die gesinsvoorligtingpraktyk verantwoordbaar plaasvind. Dit is juis wat hierdie ondersoek ten doel het, naamlik : Die vestiging van 'n Fundamenteel-pedagogiese begronde gesinsvoorligtingpraktyk. Indien gesinsvoorligting nie voldoende pedagogies begrond word nie, kan leerlinge skade lei.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

'n Wetenskaplike ondersoek na 'n pedagogies verantwoordbare gesinsvoorligtingpraktyk, het vereis dat daar metodologies te werk gegaan word. Die mees geskikte metode wat die opvoedingsgebeure ontologies-antropologies bestudeer, is die fenomenologiese metode. Die fenomenologiese metode dwing die navorser om die wesenlike van die fenomeen wat ondersoek word te verwoord.

Aangesien die Fundamentele pedagogiek die fondamente van die opvoeding aan die lig bring, is 'n Fundamenteel-pedagogiese perspektief noodsaaklik vir 'n pedagogiese begronding van gesinsvoorligting op skool. Daarom is daar in hierdie navorsing vanuit 'n Fundamenteel-pedagogiese perspektief na gesinsvoorligting gekyk.

Vervolgens sal die bevindings en gevolgtrekkings van die ondersoek wat Fundamenteel-pedagogiese benader en fenomenologies verkry is, puntsgewys aangetoon word. Laastens sal aanbevelings vir gesinsvoorligting en onderwysersopleiding gemaak word wat van belang vir praktykverbetering kan wees.

## 5.2 BEVINDINGE UIT HOOFSTUK 1

In hoofstuk 1 het die volgende bevindinge van belang vir die ondersoek aan die lig gekom :



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

5.2.1 'n Nuwe moraal rakende seksualiteit het die afgelope dekades ontwikkel.

5.2.2 Verstedeliking het meegebring dat die stadsmens al meer losgemaak word van tradisionele ankers soos die gesinslewe en die kerk.

5.2.3 Die stadsmens moet dikwels opregte liefde en intimiteit ontbeer.

5.2.4 Gesinsverbrokkeling is aan die orde van die dag.

5.2.5 Deur die massamedia word jongmense op groot skaal blootgestel aan seksualiteit, sonder om te verwys na genormeerdheid.

5.2.6 Seksueel prikkelende literatuur wat algemeen voorkom, het die neiging om seksuele drange met eskalerende intensiteit op te wek wat lei tot allerlei seksuele obsessies en perversiteite.

5.2.7 Sensuurbeheer is besig om te verslap.

5.2.8 Buite-egtelike geslagsomgang kom op groot skaal voor, sodat kuisheid nie meer die algemene norm onder jongmense is nie.

5.2.9 Seksuele wanpraktyke soos kindermolestering, verkragting en pornografie kom geredelik voor.

5.2.10 Vigs hou 'n wesenlike gevaar in vir die algemene gesondheidstoestand van die bevolking in die RSA.

5.2.11 Puberteit tree vandag vroeër in as 'n eeu gelede.

5.2.12 Gesinsvoorligting is primêr 'n opvoedingsaangeleentheid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

5.2.13 Gesinsvoorligting is by uitstek 'n normatiewe aangeleentheid.

5.2.14 Geslagsopvoeding is 'n geïntegreerde deel van gesinsvoorligting.

5.2.15 Seksualiteit word gesien in 'n wyer sin, wat insluit : Die sinvolle belewing van geslagtelike verskille, interpersoonlike verhoudinge, norme en kennis van die anatomie en fisiologie van die manlike en vroulike liggame.

## 5.3 GEVOLGTREKKING UIT HOOFSTUK 1

Ouers en jeugdiges belewe sinsnood en vra om normatiewe begeleiding ten opsigte van die beoefening van seksualiteit. "Hy is op soek na sin en na waarheid, en wil/moet hierdie sin in kommunikasie met die medemens, en veral met sy opvoeders, ontdek" (Pretorius 1990:140).

## 5.4 BEVINDINGE UIT HOOFSTUK 2

In hoofstuk 2 het die volgende bevindinge van belang vir die studie aan die lig gekom :

5.4.1 Die Gesinsvoorligtingprogram van die TOD het twee komponente naamlik ouerbegeleiding en leerlingbegeleiding.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

5.4.2 Gesinsvoorligtingtemas in die primêre skool is deel van die Opvoedkundige Leidingprogram.

5.4.3 Gesinsvoorligtingtemas kom voor vanaf Graad i tot standerd 5.

5.4.4 Die sensitiewe deel van die program is slegs vir standerd 5 leerlinge bedoel.

5.4.5 Ouers moet skriftelik toestemming verleen dat hulle kinders die sensitiewe deel van die program mag bywoon.

5.4.6 Die sensitiewe deel van die program word deur geselekteerde personeel aangebied.

5.4.7 Die geselekteerde personeel moet aan sekere kriteria voldoen soos die handhawing van 'n Christelike lewens en wêreldbeskouing.

5.4.8 Faktore soos swanger skooldogters, egskeidings, behoeftes by ouers en leerlinge het gesinsvoorligting op skool noodsaaklik gemaak.

5.4.9 Die algemene doelstelling met gesinsvoorligting op skool is om 'n ewewigtige en gebalanseerde gesinslewe te bevorder.

5.4.10 Die uitgangspunt van die TOD se Gesinsvoorligtingprogram is Bybels gefundeerd.

5.4.11 Didaktiese beginsels, riglyne en metodes word in die program uiteengesit.

5.4.12 Sensitiewe onderwerpe is : Rypwording, puberteit, menstruasie, voortplanting, geslagsorgane, bevrug-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

ting, geboorteproses, molestering, verkragting, homoseksualisme/lesbinisme, masturbasie, vigs, begrippe soos biseksueel, egbreuk, kuisheid, promiskuïteit, prostitusie en verkragting word behandel.

5.4.13 Die pedagoog moet voorbereid wees om moontlike vrae oor aborsie, tienerswangerskappe, voorbehoedmiddels, nat droom, skeuring van die maagdevlies, ereksie, moontlikheid van swangerskap as jy nog nie menstrueer nie of by eerste geslagsgemeenskap te beantwoord.

5.4.14 Onderwysersopleiding het twee komponente naamlik, aanvangsopleiding en indiensopleiding.

5.4.15 Studente ontvang opleiding in gesinsvoorligting binne die keusevak Skoolvoorligting. Aandag word gegee aan leerinhoud, etiek van tienerverhoudings, identifisering van probleme, ouerbegeleiding, rol van die Onderwyshulpdiens, vakdidaktiese riglyne en beginsels.

5.4.16 Indiensopleiding is vir die geselekteerde personeel wat die sensitiewe deel van die progam aanbied.

5.4.17 Indiensopleiding bestaan uit behandeling van die sensitiewe onderwerpe met verwysing na Bybelse norme.

5.4.18 Bybelse norme is nie by al die sensitiewe onderwerpe duidelik genoeg aangetoon nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

## 5.5 GEVOLGTREKKINGS UIT HOOFSTUK 2

Die Gesinsvoorligtingprogram van die TOD is deeglik nagevors en kan 'n noodsaaklike bydrae lewer om :

- Singewing aan persoonlike seksualiteit te bevorder.
- Interpersoonlike verhoudings te verbeter.
- Onverantwoordelike gedrag te ontmoedig.
- Bybelse riglyne aangaande seksualiteit beter te begryp.
- Die roeping tot 'n eie gelukkige huwelik en gesinslewe by leerlinge te vestig.

## 5.6 BEVINDINGE UIT HOOFSTUK 3

In hoofstuk 3 het die volgende bevindinge van belang vir die navorsing aan die lig gekom :

5.6.1 Seksualiteitopvoeding het gedurende die sestigerjare in die VSA beleid geword.

5.6.2 Sedert die sestigerjare het seksualiteitsopvoeding in die VSA verskuif vanaf 'n lesing of twee in fisiologie totdat dit huidiglik die totale persoon insluit.

5.6.3 Geslagtelikheid is deel van menswees en daarom is geslagsvoorligting onvermydelik.

5.6.4 Die grootskaalse blootstelling aan seksualiteit in die massamedia maak dit nodig om feite aan-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

gaande seksualiteit in die regte lig te stel.

5.6.5 Jeugdiges is op groot skaal betrokke by ongewenste seksuele aktiwiteite wat voorligting noodsaaklik maak.

5.6.6 Ouers deins terug vir die taak van geslagsvoorligting daarom is die skool die beste toegerus om die taak te verrig.

5.6.7 Die dodelike geslagsiekte vigs kan huidiglik slegs deur opvoeding bekamp word.

5.6.8 In die VSA propageer SIECUS 'n neutrale geslagsvoorligting wat aan die leerlinge slegs feite onderrig op grond waarvan hulle self besluite oor seksuele gedrag moet neem.

5.6.9 Besware teen seksualiteitsopvoeding is veral teen die humanistiese benadering van sulke programme in die VSA.

## 5.7 GEVOLGTREKKINGS UIT HOOFSTUK 3

Seksualiteitsopvoedingsprogramme wat in die VSA gebaseer is op die model soos deur SIECUS gepropageer, bevorder die humanistiese mensbeskouing ten koste van die Christelike lewensopvatting. Te veel fokus word op die menslike vlak geplaas en weinig op normatiewe begeleiding wat vir die jeugdige sin en betekenis vir sy lewe behoort te gee. Seksualiteitsopvoeding soos gepropageer deur SIECUS is dus



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

eerder afbrekend as opvoedend van aard.

## 5.8 BEVINDINGE UIT HOOFSTUK 4

In hoofstuk 4 het die volgende bevindinge in belang van die navorsing aan die lig gekom :

5.8.1 Vanaf die vroegste tye tot in die twintigste eeu is eensydig na kindwees gekyk, met negatiewe konsekwensies vir die opvoedingsgebeure.

5.8.2 Die twintigste eeu se naturalistiese mensbeeld sien die kind as 'n produk van ewolusie en ontwikkeling.

5.8.2 Die naturalistiese benadering in die opvoeding lê baie klem op sosiale programme soos gesinsvoorligting en weinig aandag aan die religieuse.

5.8.3 Die antropologies-pedagogiese benadering kom tot 'n volledige siening van die kind-as-mens in totaliteit.

5.8.4 Die Fundamenteel-pedagogiese strukture gee 'n verantwoordbare beeld van die kind-in-opvoeding.

5.8.5 Die Fundamenteel-pedagogiese bedrywigheidstruktuur toon hoedanig die pedagoog hulp aan die kind behoort te verleen om die kind-as-mens tot selfverwesenliking te laat vorm.

5.8.6 Religiositeit kan ook as 'n Fundamenteel-pedagogiese



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

bedrywigheidsessensie beskou word.

5.8.7 Die Fundamenteel-pedagogiese strukture is moontlikheidsvoorwaardes vir opvoeding.

5.8.8 Die essensies van die TOD se gesinsvoorligtingprogram is sinteseerbaar met die Fundamenteel-pedagogiese bedrywigheidsessensies.

5.8.9 Die TOD se gesinsvoorligtingprogram is voldoende Fundamenteel-pedagogies begrond.

5.8.10 'n Fundamenteel-pedagogies begronde gesinsvoorligtingprogram het belangrike konsekwensies vir 'n gesinsvoorligtingpraktyk.

## 5.9 GEVOLGTREKKINGS UIT HOOFSTUK 4

Uit hoofstuk 4 is die volgende gevolgtrekkings van belang :

- Die Fundamentele pedagogiek het 'n wesenlike inspraak te lewer vir gesinsvoorligting op skool.
- Die Fundamenteel-pedagogiese essensies behoort deeglik in ag geneem te word by enige gesinsvoorligtingprogram of praktyk.
- Gesinsvoorligting op skool behoort voortdurend aan die hand van die Fundamenteel-pedagogiese strukture getoets te word om te verseker dat gesinsvoorligting opvoedend van aard en nie afbrekend is nie.
- Alhoewel die TOD se gesinsvoorligtingprogram voldoende



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

pedagogies begrond is, behoort daar steeds gewaak te word oor die gesinsvoorligtingpraktyk, omdat gesinsvoorligting in die "verkeerde" hande maklik 'n instrument kan word om die naturalisties-humanistiese mensbeskouing te bevorder.

## 5.10 AANBEVELINGS

Aanbevelings word aan die hand van die essensies van die TOD se gesinsvoorligtingprogram soos dit in hoofstuk 4 aan die lig gekom het, gedoen. Laastens sal aanbevelings gemaak word vir onderwysersopleiding.

### 5.10.1 GESINS- EN HUWELIKSVERRYKEND

Die Gesinsvoorligtingprogram behoort inhoudelik meer aandag te gee aan die huwelik. Die volgende temas behoort by die kurrikulum bygevoeg te word :

- Die huwelik as instelling van God (Vgl 1 Kor 7:2-3).
- Voordele wat die huwelik meebring.
- Die hoop op 'n toekomstige gelukkige huwelik, bring van 'n vroeë ouderdom reeds verantwoordelikhede.
- Gevare wat die huwelik bedreig.

### 5.10.2 OUER EN LEERLINGBEHOEFTES



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Elke kind se uniekheid ten opsigte van sy wordingsvlak, liggaamlike ontwikkeling, intellektuele vermoë, fisiese en emosionele gesteldheid en wat in die gemeenskap plaasvind, behoort deeglik in ag geneem te word tydens die aanbieding van veral die sensitiewe deel van die program. Die volgende word in dié verband aanbeveel :

- In die lig van die bestuursliggame se bevoegdheid in model C - skole ten opsigte van : "Die uitoefening van 'n keuse, maar onderhewig aan goedkeuring van die Uitvoerende Direkteur, met betrekking tot studierigtings en vakpakkette, binne die vasgelegde kurrikulum op nasionale vlak, wat 'n skool aan sy leerlinge kan bied en om self bykomende studierigtings met die toestemming van die Uitvoerende Direkteur in te stel en te finansier" (Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie : Volksraad, 1992:7), word aanbeveel dat die gesinsvoorligter, skoolhoof, en ouers self besluit om sekere dele van veral die sensitiewe deel van die program, by te voeg of uit te laat, indien dit duidelik word dat die gemeenskap, ouers en leerlinge behoefte daaraan het.
- Leerlinge moet op 'n positiewe wyse beleef dat hulle welstand vir die gesinsvoorligter van primêre belang is.
- Leerlinge behoort nooit met mekaar vergelyk of op enige manier in verleentheid gestel te word nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

- Leerlinge moet deeglik besef dat ligsinnige opmerkings, gebare en praatjies oor seksualiteit nie geduld word nie. Vgl - "Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee dank aan God pas by julle" ( Ef 5:4).
- Leerlinge wie se ouers hulle toegang tot die sensitiewe deel van die program geweier het, se gevoelens moet gerespekteer word, deur sensitief en voldoende vir sulke leerlinge voorsiening te maak.

### 5.10.3 PROFESSIONELE STEUNGEWING

Om professionele steungewing te verseker word die volgende aanbeveel ten opsigte van die pedagoog wat as gesinsvoorligter optree :

- Gesinsvoorligter moet 'n getroude persoon met kinders wees wat 'n gelukkige huweliks- en gesinslewe ervaar.
- Gesinsvoorligter moet in staat wees om op die leerlinge se wordingsvlak oor seksualiteit te kommunikeer.
- 'n Afwysende houding teenoor "oppervlakkigheid" openbaar. Vgl - "Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord" (Kol 4:6).
- In staat wees om leerlinge te begelei met die eise van behoorlikheid. Vgl - "Verkondig die woord; hou daarmee



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee, want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie" (2 Tim 4:2-3).

- Gesinsvoorligter moet 'n bereidwilligheid openbaar tot wetenskaplike terugvoering oor die sinvolheid van die program aan die skoolhoof, Adjunk-superindendent van Onderwys : Gesinsvoorligting en ouers van die leerlinge.
- Die gesinsvoorligter moet behoorlik opgelei wees om die taak te verrig, vgl - aanbevelings ten opsigte van onderwysersopleiding.

5.10.4 ONTSLUITING VAN FEITLIKHEDE

Met die ontsluiting van feitlikhede word aanbeveel dat die gesinsvoorligter :

- Oor die nodige kennis beskik om die program aan te bied. Om hieraan uitvoering te gee word aanbeveel dat daar 'n wetenskaplik opgestelde handleiding vir die gesinsvoorligtingprogram opgestel word.
- Didakties goed onderlê wees.
- Nie gesinsvoorligting sien as 'n geleentheid tot 'n algemene gepratery nie, maar onder andere deeglik verantwoording doen ten opsigte van :



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

* Lesdoelwitte, Bv - Hoeveelheid vakbenoeminge wat leerlinge moet ken.
  - Vlak van kundigheid waarop die leerling moet kan presteer.
  - Toepassing van lesinhoud.
* Lesmodaliteit - Die wyse waarop gehandel word. Groepbesprekings moet byvoorbeeld so georganiseer word dat vrye gesprek oor seksualiteit nie plaasvind nie.
* Die funksionaliseringsdoelwit, Bv - Gesprekke tussen ouers en kinders aanmoedig.
  - Kind moet skriftelik skryf wat vir hom waardevol of hinderlik was.
  - Terugvoering gee oor lesinhoud.
  - Opsoek en voorlees van Bybelse norme.
  - Opdragte moet behoorlik gekontroleer en nagesien word.

### 5.10.5 AANVAARDING VAN SEKSUALITEIT AS DEEL VAN MENSWEES

Om 'n positiewe aanvaarding van seksualiteit as deel van menswees te bevorder word aanbeveel dat die volgende inhoude bygevoeg word in die gesinsvoorligtingprogram :

- Roeping om as seun of dogter die behoorlike na te streef.
- Die mens se geskapenheid as "beeld van God", vgl Gen 1:27.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

- Die gevaar van seksueel prikkelende media.

### 5.10.6 VERHOUDINGSTIGTING

Aangesien verhoudingstigting so 'n belangrike deel van die mens se lewe en ook vir 'n gelukkige huwelik is, behoort dit vanaf Gr i baie prominent geonderrig en geoefen te word. Dit is veral die oefen van verhoudingstigting in praktiese situasies wat meer aandag kan ontvang.

### 5.10.7 UNIEKHEID VAN MENSWEES

Daar word aanbeveel dat die gesinsvoorligter seker maak dat elke leerling bewus is van die feit dat hy deur God geskape is en daarom baie uniek en spesiaal is. Die kind se self-iemand-wees ook ten opsigte van sy liggaam behoort in gesinsvoorligting baie aandag te kry.

### 5.10.8 LEWENSKEUSES

Daar word aanbeveel dat leerlinge leer hoe om lewenskeuses te maak aan die hand van die Bybel. Praktiese beoefening hiervan sal die gesinsvoorligter noodsaak om kennis te hê van die teologiese etiek. Dit beteken kennis oor temas soos : Konfliketiek, arbeidsetiek, aborsie, selfmoord, geweld en kuns.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Omdat die lewensopvatting bepalend is vir lewenskeuses, word aanbeveel dat leerlinge kennis neem van bedreiginge vir die Christelike lewensopvatting. Leerlinge behoort veral kennis te neem van die naturalisties-humanistiese lewensopvatting.

5.10.9 VERANTWOORDELIKE GEDRAG

Leerlinge behoort die gevaar van seksuele losbandigheid deeglik te verstaan. In hierdie verband behoort meer aandag gegee te word aan die gevolge van buite-egtelike vader of moederskap en die eise wat dit meebring.

Die begrip "liefde" soos beskryf in 1 Kor 13 teenoor die begrip "vrye liefde", behoort opgeneem te word as deel van die programinhoud.

Om selfbeheersing aan te kweek by leerlinge moet hulle geleer word om sinvol besig te wees. Geleenthede tot deelname behoort saam met leerlinge geanaliseer en aangemoedig te word. Daar word aanbeveel dat skole daarna sal streef om vir elke kind in die skool geleentheid tot buitekurrikulêre aktiwiteite te bied.

5.10.10 LEWENSOPVATLIK-GEFUNDEERD



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

Daar word aanbeveel dat 'n "neutrale" gesinsvoorligtingprogram nie aangebied word nie, aangesien dit nie pedagogies verantwoordbaar is nie.

Daar word aanbeveel dat elke tema in gesinsvoorligting aan die hand van die Bybel geonderrig word. Dit beteken dat daar nie net 'n klompie teksverse neergeskryf word nie, maar dat elke tema behoorlik Bybels gefundeerd geonderrig word.

## 5.11 ONDERWYSERSOPLEIDING

Ten opsigte van onderwysersopleiding word die volgende aanbeveel :

- Aangesien al die onderwysers betrokke is by die gesinsvoorligtingprogram behoort alle onderwysstudente opleiding in gesinsvoorligting te ontvang.
- Die aanbevelings onder die essensies professionele steungewing en ontsluiting van feitlikhede behoort deeglik in ag geneem te word by onderwysersopleiding.
- Die vak Fundamentele Pedagogiek behoort 'n komponemt : "'n Fundamenteel-pedagogies begronde gesinsvoorligtingprogram" vir alle onderwysstudente aan te bied.
- Alle onderwysstudente en personeel wat indiensopleiding ontvang as gesinsvoorligters, behoort kennis te neem van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

die naturalistiese en humanistiese lewensopvatting ter wille van hul eie en die van hulle leerlinge se geestesweerbaarheid.

- Onderwysstudente behoort vakdidaktiese opleiding ten opsigte van die onderrig in gesinsvoorligting op skool te ontvang.

## 5.12 ALGEMENE AANBEVELING

In die lig van die stelling : "All responsible teachers will continually be on the look out for evidence showing any adverse effects of sex education programmes in school and be able to adapt them at once in response te valid criticism" (Went, 1988:8) word aanbeveel dat gesinsvoorligters die gesinsvoorligtingprogram gereeld op 'n wetenskaplike wyse sal evalueer om terugvoering daaroor te gee aan die : Skoolhoof, Adjunk-superintendent van Onderwys en ouers van leerlinge, om indien nodig vroegtydige aanpassings aan die program moontlik te maak.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

## 5.13 BRONNELYS


DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR, ADMINISTRASIE : VOLKSRAAD (1992) : **Handleiding vir staatsondersteunde (model C-) skole.** Pretoria.

PRETORIUS, J W M (1990) : **Opvoeding, Samelewing, Jeug 'n Sosiopedagogiek-leerboek.** Pretoria : Sigma-Pers (Edms.) Bpk.

WENT, D (1985) : **Sex Education some guidelines for teachers.** London : Bell & Hyman Ltd.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

# SAMEVATTING


| | | |
|---|---|---|
| TITEL | : | 'N FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIESE BEGRONDING VAN GESINSVOORLIGTING OP SKOOL EN DIE BETEKENIS DAARVAN VIR ONDERWYSERSOPLEIDING |
| KANDIDAAT | : | EUGéNE LAäS |
| LEIER | : | DR T MöLLER |
| DEPARTEMENT | : | FUNDAMENTELE PEDAGOGIEK |
| GRAAD | : | MAGISTER IN OPVOEDKUNDE |



Samelewingstendense soos gesinsverbrokkeling, onverantwoordelike seksuele gedrag en die baie klem wat die massamedia op die menslike seksualiteit plaas, het die nood aan gesinsvoorligting op skool geïntensiveer. Die TOD se gesinsvoorligtingprogram op skool het ten doel om die gesinslewe te verryk en die gesin te versterk. Gesinsvoorligting is 'n breë omvattende begrip wat met die hele mens insluitende geslagsvoorligting te doen het.

Seksualiteitsopvoeding op skool het gedurende die sestigerjare beleid geword in die VSA. In die VSA propageer vooraanstaande seksualiteitsopvoeders 'n neutrale


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

seksualiteitsopvoeding waar elke leerling self moet besluit oor wat reg en verkeerd is ten opsigte van seks. Die groot beswaar teen seksualiteitsopvoeding in die VSA, is teen die humanistiese benadering daarvan. Beswaardes in die RSA meen geslagsvoorligting moet deur die ouers self gedoen word.

Deur die essensies van die TOD se gesinsvoorligtingprogram te sinteseer met die Fundamenteel-pedagogiese bedrywigheidsessensies, het dit duidelik geword dat die TOD se gesinsvoorligtingprogram voldoende pedagogies begrond is.

Die Fundamentele pedagogiek gee duidelike riglyne vir 'n gesinsvoorligtingpraktyk op skool wat nagevolg behoort te word om te verseker dat gesinsvoorligting pedagogies verantwoordbaar aangebied word. 'n Belangrike voorwaarde waaraan gesinsvoorligting op skool moet voldoen, is dat dit aangebied word in die lig van die eise van behoorlikheid soos vervat in die lewensopvatting van die gemeenskap wat die skool bedien.

Omdat alle onderwysers direk of indirek by gesins- en geslagsvoorligting op skool betrokke is, behoort alle onderwysstudente opleiding in gesinsvoorligting te ontvang.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

## SUMMARY

TITLE : A FUNDAMENTAL PEDAGOGIC FOUNDATION OF FAMILY GUIDANCE AT SCHOOLS, AND IT'S RELEVANCE TO TEACHER TRAINING

CANDIDATE : EUGéNE LAäS

LEADER : DR T MöLLER

DEPARTMENT : FUNDAMENTAL PEDAGOGICS

DEGREE : MASTER'S DEGREE IN EDUCATION

The need for family education at school has been intensified by certain tendencies in society, like the breaking up of families, irresponsible sexual behaviour and the mass media over-accentuating human sexuality.

The Family Education Programme of the TED aims at enriching family life and strengthening family bonds. Family Education is a comprehensive concept which deals with the human being as a whole. This includes sexual education.

Sexual Education at school in the USA became policy in the sixties. Well-known sexual educators propagate a neutral

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

sexual education : the pupil should decide between right and wrong. Objection against sexual education in the USA is mostly because of its humanistic approach. Those in the RSA who object, feel that sexual education is the privilege of the parents.

The Family Education Programme of the TED can be accounted for pedagogically by synthesizing its essentials with the Fundamental Pedagogical Activity essences.

The Fundamental Pedagogics gives clear directives for practical family education at school. An important condition family education should meet, is that it should be presented according to the requirements of propriety set by the society which serves the school. These requirements are based on the society's philosophy of life. This ensures a pedagogically accountable presentation.

As all teachers are directly or indirectly involved in family education, it is essential that all students of education receive instruction in Family Education.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

## BIBLIOGRAFIE


AKSIE MORELE STANDAARDE (Ongedateerd) : **Memorandum insake Seksvoorligting as vak op skool.** Verwoerdburg.

BOTHA, W J (1982) : **Revolusie in die moraliteit.** Doctor Divinitatis. Fakulteit Teologie. Universiteit van Pretoria.

BROWN, R M (1987) : **Sex Education, Concerns and Attitudes.** Paper presented at the Annual Meeting of the North Carolina Association for Research in Education, March 5-6. (Raad vir geesteswetenskaplike navorsing, Eric document 279 967).

CASSELL, C en WILSON, M (1989) : **Sexuality Education.** New York : Garland Publishing, Inc.

CHAMBERS, C (1977) : **The Siecus Circle, a Humanist revolution.** Belmont : Western Islands.

CHANTER, A G (1966) : **Sex Education in the Primary school.** London : Macmillan.

CHRISTEN OUERVERENIGING (1989) : **Die anneksasie van ons kinders.** Pretoria : C.O.V.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

CLAASSEN, J C (1989) : Multikulturele onderwys : feit en mite. **South African Journal of Education,** 1989,9(3),431.

COETZEE, J C (1977) : **Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde.** Johannesburg : Perskor Boek-drukkery.

CRONJE, C P en VAN DER WALT J L (1989) : Versoening van breër en enger skooldoelstellings na aanleiding van die VSA-onderwyshumanisme. **S.-Afr. Tydskr. Opvoedk.** 9(4):644.

CRONJE, G (1970) : **Die wysgerige antropologie en die menswetenskappe.** Pretoria : J.L. van Schaik.

DAWKINS, J (1967) : **A Textbook of Sex Education.** Oxford : A.R. Mowbray & Co. Ltd.

DE BEER, G J (1982) : **Kernaantekeninge oor afdelings in kursus wysgerige antropologie.** Universiteit van Pretoria. Departement Wysbegeerte : U.P.

DEIST, F (1980) : **Viktor E Frankl sê ja vir die lewe.** Soos verwerk deur Deist. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

DE JAGER, P L, OBERHOLZER, M O en LANDMAN, W A (1985) : **Fundamentele Pedagogiek : Wetenskap, Inhoud en praktyk.** Pretoria : NG Kerkboekhandel Transvaal.

DE KOCK, A (1992) : **'n Skok oor kinders, verkragtings 500 meer as verlede jaar.** Transvaler 21 September 1992:9.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE GESONDHEID EN BEVOLKINGS-ONTWIKKELING (1987) : **Die feite van seksualiteit.** Pretoria.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR, ADMINISTRASIE : VOLKSRAAD (1992) : **Handleiding vir staats-ondersteunde (model C-) skole.** Pretoria.

DE VILLIERS, M, SMUTS, J EN EKSTEEN, L C (1981) : **Nasionale woordeboek, vyfde uitgawe, eerste druk.** Kaapstad : Nasou beperk.

DE VRIES, C G, BASSON, A J en STEYN, J C (1986) : **Aktuale temas in die Fundamentele Opvoedkunde.** Durban : Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk.

DE WITT, J T (1983) : Aanslag van die massamedia op die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

eietydse kind. **S.A. Tydskrif vir Opvoeding,** 3: 46-53.

DIE BYBEL (1983) : Nuwe vertaling.

DU PLOOY, J L, GRIESEL, G J en OBERHOLZER, M O (1982) : **Fundamental pedagogics for advanced students.** Pretoria : Haum.

DU PLOOY, J L en KILIAN, C J G (1982) : **Fundamentele pedagogiek : 'n Inleiding.** Pretoria : Haum.

DREYER, P S (1981) : Inleiding in die Wysbegeerte. Wysbegeerte aantekeninge. Departement Wysbegeerte. Universiteit van Pretoria.

ENGELBRECHT, M C J (1985) : **Die voorhuwelikse seksuele houdings en gedrag van 'n groep Afrikaanssprekende jongmense.** Magisterverhandeling, Universiteit van Pretoria.

FOURIE, M J (1989) : Skoolhoof, Laerskool Wierdapark. Onderhoud 26 April 1989. Verwoerdburg.

HAIMS, L J (1973) : **Sex Education and the public school.** Lexington : Lexington books.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

HEYNS, J A (1986) : **Teologiese etiek. Deel 2/1.** Pretoria : NG kerkboekhandel Transvaal.

HORRY COUNTY BOARD OF EDUCATION (1989) : **AIDS Education Curriculum Guide.** Conway, S.C. : South Carolina State Dept. of Education. (RGN, Eric document, 313 570).

HOTTOIS, J en MILNER, N A (1975) : **The Sex Education Controversy.** Lexington : Lexington books.

HOUGH, B (1991) : **Omstrede jeug-seks nou 'n film.** Rapport 19 Mei 1991:16.

JULIAN, C J en JACKSON, E N (1972) : **Modern Sex Education.** New York : Halt, Rinehart and Winston, Inc.

KRITZINGER, M S B, LABUSCHAGNE, F J EN PIENAAR, J DE V (1972) : **Verklarende woordeboek, sesde uitgawe.** Pretoria : J.L. van Schaik.

KRUGER, J (1991) : **Bom, skote in oorlog oor gesellinne.** Rapport, 15 September 1991:3.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

LANDMAN, W A, MENTZ, N J, ROOS, S G en MöLLER, T. (1984) : **Fundamentele pedagogiek en lesgee.** Durban : Butterworth - Uitgewers (Edms.) Bpk.

LANDMAN, W A, ROOS, S G en LIEBENBERG, B A (1975) : **Opvoedkunde en opvoedingsleer vir beginners.** Stellenbosch : Universiteitsuitgewers en boekhandelaars (Edms) Bpk.

LANDMAN, W A, ROOS, S G en MENTZ, N J (1979) : **Fundamentele pedagogiek, leerwyses en vakonderrig.** Durban : Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk.

LOUW, N (1989) : Adjunk-Superintendent van Onderwys : Gesinsvoorligting, Pretoria-Sentraal. Onderhoud 22 Februarie 1989. Pretoria.

MC ALVANY, D S (1990) : The great global aids plague of the 1990's. **The McAlvany Intelligence Advisor,** September.

MC DOWELL, J (1987) : **How to help your child say "no" to sexual pressure.** UK : Word (UK) Ltd.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

MORRIS, B M (1979) : **Change Agents in the Schools.** Bullsbrook : Veritas Publishing Company Pty. Ltd.

MONTGOMERY COUNTY PUBLIC SCHOOL (1985) : **Family Life and Human Development.** Rockville, Md. : Classroom Guides. (RGN, Eric document, 266 383).

NEW YORK CITY BOARD OF EDUCATION (1985) : **Family Living Including Sex Education.** Brooklyn, N.Y. : Div. of Curriculum and Instruction. (RGN, Eric document, 286 127).

PATE, D J en KNIGHT, S (1985) : **Teenage Pregnancy and Primary Prevention : New Approaches to an old Problem.** Washington DC : Paper presented at the Annual Meeting of the American Public Health Association, November 17-21. (RGN, Eric document, 270 694).

PICKOVER, S (1989) : **Die mites, profiel van 'n verkragter.** Rapport-tydskrif, 5 Maart.

PISTORIUS, P (1982) : **Gister en vandag in die opvoedkunde.** Potchefstroom : Pro Rege.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

SENTRALE STATISTIEKDIENS van die RSA (1988) : Capita Selecta, Oktober.

SENTRALE STATISTIEKDIENS van die RSA (1986) : Geboortes Blankes, Kleurlinge en Asiërs. Verslag no 03-05-01.

SENTRALE STATISTIEKDIENS van die RSA (1986/87) : Statistiek van misdrywe. Verslag no 00-11-01.

SMIT, J (1990) : **Nog 'n meisie vertel van hel.** Transvaler 17 Januarie 1990:1.

SMIT, J (1990) : **Vele gesigte van die pedofiele.** Transvaler 19 Januarie 1990:1.

STEINBACHER, J (1971) : **The Child Seducers.** Anaheim : Educator Publications.

STEYN, A (1989) : Deelnemer op TV 1 netwerkprogram 17 Maart 1989, professor in Sosiologie by RAU.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1988) : **Die Vigsprobleem : Die Taak van die skool,** Omsendminute no 80 van 1988. Pretoria : TOD.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1987) : **Handleiding vir die implimentering van die Opvoedkundige Leidingprogram.** Pretoria : TOD.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1988) : **Gesinsvoorligtingprogram, omsendminute no 87 van 1988.** Pretoria : TOD.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1990) : **Gesinsvoorligting, omsendminute no 54 van 1990.** Pretoria : TOD.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1989) : **Oriënteringskursus : Gesinsvoorligting, 8-9 Mei 1989.** Pretoria : TOD.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (1991) : **Indiensopleiding ter verdere opleiding aan geselekteerde personeel, 1-2 Julie 1991.** Boksburg : TOD.

TRANSVALERSPAN, (1990) : **Vuil foto's en pille.** Transvaler 17 Januarie 1990:1.

VAN COLLER, A J (1989) : Hoof Departement Psigopedagogiek, Onderwyskollege Pretoria. Onderhoud 11 Mei 1989. Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

VAN DER WALT, J L en DEKKER, E I (1983) : **Fundamentele opvoedkunde vir onderwysstudente.** Potchefstroom : Promedia-publikasies.

VAN DER WALT, J L en POSTMA, W (1987) : **Strominge in die Opvoedingsteorie, 2.** Owen Burgess Publishers.

VAN RENEN, A (1990) : Hoog tyd vir seks-onderrig op skool. **Die Voorligter,** deel 53, nommer 9:7-9.

VAN RENEN, C (1991) : **Waarom kerk oor seksvideo kla.** Transvaler 26 Maart 1992:4.

VAN RENSBURG, C J J EN LANDMAN, W A (1984) : **Fundamenteel - pedagogiese begrips verklaringe, 'n inleidende oriëntering.** Pretoria : NG - kerkboekhandel.

VAN RENSBURG, F I J (1985) : **Pornografie.** Durban : Butterworth - Uitgewers (Edms.) Bpk.

VAN ROOYEN, L (1985) : **Die beplanning van 'n gesinsvoorligtingsprogram vir die Transvaalse Onderwysdepartement.** Magisterverhandeling. Universiteit van Pretoria.

VAN ROOYEN, L (1987) : **Die beplanning van 'n**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020

**opleidingsprogram vir onderwysers in gesinsvoorligting.** Phiosophia Doctor. Universiteit van Pretoria.

WALLIS, J M (1984) : **Chaos in the classroom.** Bullsbrook : Veritas Publishing Company Pty. Ltd.

WALLIS, J M (1986) : **The Disaster road.** Bullsbrook : Veritas Publishing Company Pty. Ltd.

WEITSZ, G H (1991) : Adjunk-superintendent van Onderwys : Gesinsvoorligting, Streek Oosrand. Onderhoud 07 Junie 1991. Boksburg.

WENT, D (1985) : **Sex Education some guidelines for teachers.** London : Bell & Hyman Ltd.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2020